Onderwysersgids
Graad 11

Afrikaans Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele Taal

deur
Ettie Labuschagne

vir

Kroes

deur Pat Stamatélos

Kwela Boeke,
'n afdeling van NB-Uitgewers (Edms) Beperk, Heerengracht 40, Kaapstad
Posbus 6525, Roggebaai 8001

Kopiereg © Die skrywer

Alle regte voorbehou
Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting

Omslagontwerp:
Geset in 11 op 14 pt Times New RomanPS
Gedruk en gebind deur Paarl Print,
Oosterlandstraat, Paarl, Suid-Afrika

Eerste uitgawe, eerste druk 2006
ISBN-10: 0-7957-0215-9
ISBN-13: 978-0-7957-0215-0

Inhoud

Inleiding 7
Uitgangspunt van hierdie Onderwysersgids 7
Die beginsels van die Nasionale Kurrikulum (NK) 7
Die roman *Kroes* en die Nasionale Kurrikulum 11
Leeruitkomste 11
Assesseringstandaarde 12
Hoe om hierdie gids te gebruik 14
Module 1: Die roman as genre en voorafverwagtinge 21
Die roman as genre 21
Voorafverwagtinge en die roman 23
Aktiwiteit 1: Skryf en praat 24
Aktiwiteit 2: Begripsoefening 27
Aktiwiteit 3: Skryf 'n Curriculum Vitae (individueel) 30
Aktiwiteit 4: Advertensies (groepwerk) 31
Module 2: Die karakters en wat hulle verteenwoordig 33
Opsommend 33
Onderrigwenke 34
Aktiwiteit 1: Woordeskat en idiomatiese uitdrukkings 35
Aktiwiteit 2: Teksgerigte vrae 36
Aktiwiteit 3: Karakters in die roman 42
Aktiwiteit 4: Invul van 'n lys/vorm 44
Aktiwiteit 5: Deurlopend – lees, praat en skryf 45
Aktiwiteit 6: Deurlopend – karaktersketse 48
Aktiwiteit 7: Brosjure 50
Aktiwiteit 8: Stamboom 51
Summatiewe assessering (1) 52
Memorandum 53
Module 3: Die wêreld van die boek: milieu en tyd 54
Vooraf 54

Aktiwiteit 1: Klasbespreking 55
Tyd en ruimte in *Kroes* 56
Aktiwiteit 2: Invuloefening en lees met begrip 59
Aktiwiteit 3: Verdere woordeskat 61
Aktiwiteit 4: 'n Opsomming 63
Aktiwiteit 5: Navorsingstaak 64
Aktiwiteit 6: Formele debatvoering 65
Aktiwiteit 7: Verdere gespreksonderwerpe in die klas 66
Aktiwiteit 8: Voorbereide hardoplees en rolspel 66
Module 4: Hoe alles ineenskakel: temas en gebeure; spanning en konflik 67
Vooraf 67
Belangrike temas in die roman 68
Aktiwiteit 1: Soeklees en herken 71
Aktiwiteit 2: Kort boodskappe 72
Aktiwiteit 3: Verdere gespreksonderwerpe in die klas 73
Summatiewe assessering (2) 73
Memorandum 75
Module 5: Konflik, spanning en kulminasie 77
Innerlike konflik 77
Spanning 77
Kulminasie 78
Aktiwiteit 1: Klasbespreking: Voorafverwagtinge vs eindkennis 80
Aktiwiteit 2: Klasbespreking en skryfoefening 80
Aktiwiteit 3: Klasbespreking en navorsingsoefening 82
Aktiwiteit 4: Klasbespreking 83
Aktiwiteit 5: Voorbereide mondeling en skryfwerk 84
Aktiwiteit 6: Skryf van 'n resensie 85
Aktiwiteit 7: Brief aan die skrywer 86
Summatiewe assessering (3) 87
Memorandum 88

Woordelys met voorbeelde uit die teks 90

INLEIDING

Uitgangspunt van hierdie Onderwysersgids

Daar word in hierdie Onderwysersgids van die standpunt uitgegaan dat onderwysers intiem bekend is met die Nasionale Kurrikulum en dat elke onderwyser 'n kopie van die kurrikulum vir die leerarea Tale, spesifiek Afrikaans as addisionele taal, in hul besit het, waarna hulle telkens kan verwys.

Hierdie gids gaan dus nie poog om die Nasionale Kurrikulum vir leerarea Tale ('n dokument van oor die honderd bladsye) in verkorte vorm weer te gee nie.

Die belangrikste beginsels van die Nasionale Kurrikulum word aangehaal of geparafraseer bloot ten einde aan te dui dat die roman *Kroes* op alle vlakke 'n goeie keuse as studiemateriaal sal wees.

Die beginsels van die Nasionale Kurrikulum (NK)

Die belangrikste beginsel omtrent **taal**, volgens die NK, is dat dit 'n **instrument** is – 'n instrument vir gerigte denke en kommunikasie. Dit is deur taal, verklaar die NK, dat kulturele diversiteit en sosiale verwantskappe uitgedruk en opgebou word.

Die bemeestering van 'n addisionele taal sal leerders daartoe in staat stel om hul gedagtes in woorde uit te druk, nuwe inligting te bekom, hul eie identiteit, gevoelens en idees raak te verwoord en veral met nuwe kulturele ervarings kennis te maak.

Die soort **leerder** wat in die vooruitsig gestel word,

- word geïnspireer deur respek vir die waardes wat in die Grondwet beskryf word soos

- demokrasie,
- gelykheid,
- menswaardigheid en
- sosiale regverdigheid

- sal dienooreenkomstig in belang van die samelewing optree.

Volgens die Nasionale Kurrikulum vir **Afrikaans, Graad 11**, behoort die onderwyser wat betref **Afrikaans Huistaal** en **Afrikaans Eerste Addisionele Taal** na die volgende te streef:

Huistaal:

- Die leerder se huistaal moet versterk en ontwikkel word.
- Die kognitiewe vlak van die huistaal behoort sodanig te wees dat dit ook vir onderrig en leer gebruik kan word.
- Luister- en praatvaardighede word verder ontwikkel en verfyn, maar op hierdie vlak word klem op die ontwikkeling van die leerder se lees- en skryfvaardighede geplaas.

Eerste Addisionele Taal:

Die aanleer van 'n Eerste Addisionele Taal bevorder

- veeltaligheid en
- interkulturele kommunikasie.

Omdat leerders moontlik in die Suid-Afrikaanse konteks deur die medium van hul Eerste Addisionele Taal mag leer, sluit die bevoegdheidsvlakke in:

- die abstrakte,
- die kognitiewe,
- akademiese taalvaardighede wat nodig is vir dink en leer.

Die **kritieke uitkomste** in die Nasionale Kurrikulum vir Tale: **Afrikaans Huistaal** en **Afrikaans Eerste Addisionele Taal** vir **Graad 11** vereis dat leerders in staat moet wees om die volgende te doen:	
identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;	Al die aktiwiteite in hierdie Onderwysers-gids streef daarna om leerders te lei in die proses van identifikasie van probleme en moedig die neem van besluite deur kritiese en kreatiewe denke aan.
werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;	Die talle groepaktiwiteite wil juis spanwerk aanmoedig en ontwikkel, en leerders lei in die aankweek van goeie werksverhoudinge wat 'n leeftyd kan duur.
organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;	Hoewel die onderwyser deurentyd beskikbaar is om leiding te gee en te fasiliteer, behoort leerders in Graad 11 reeds bekwaam te wees in die organiseer en bestuur van hul eie aktiwiteite.
versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;	Veral die navorsings- en inligtings-versamelingsaktiwiteite is daarop gemik om hierdie vaardighede in te skerp.
kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme;	Die sterk klem in hierdie gids op klasbesprekings en groepbesprekings, asook mondelinge terugvoering oor navorsing en inligtingsversameling behoort die leerders se kommunikasievaardighede oor 'n wye spektrum te verbreed.
gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en	Daar is baie stof in die roman *Kroes* wat gesprek oor wetenskap en tegnologie kan ontlok, asook heelwat geleentheid om oor die omgewing en die gesondheid van ander te gesels en groter begrip en waardering daarvoor aan te moedig.
begryp dat die wêreld 'n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.	Die roman *Kroes* belig hierdie punt, en 'n bestudering van die roman sal beslis die leerders intens bewus maak van hoe verknoop en nou verwant die eie bekende wêreld, asook die groter leefwêreld is.

Die **ontwikkelingsuitkomste** van die Nasionale Kurrikulum vir **Afrikaans Huistaal** en **Afrikaans Eerste Addisionele Taal** vir **Graad 11** stel leerders in staat om die volgende te doen:	
dink na oor en ondersoek 'n verskeidenheid strategieë om meer doeltreffend te leer;	Die verskeidenheid aktiwiteite, wat wissel van eenvoudige inhoudsvrae tot navorsingstake oor geskiedkundige kwessies (politiek en sosiaal), wil leerders juis help om kennis op 'n verskeidenheid maniere in te win en hul eie te maak.
neem as verantwoordelike burgers aan die lewe van die plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskap deel;	Aktiwiteite soos die navorsings- en inligting-versamelingsaktiwiteite wil juis leerders aan-moedig om buite die skoolwêreld met ander volwassenes te gesels om inligting te versamel en nuwe perspektiewe te bekom, ten einde deel te voel van 'n groter gemeenskap as bloot die gesin, familie en skoolgroep.
is kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste;	Die roman *Kroes* bied aan die leerders 'n besonder sensitiewe beskouing van die Suid-Afrika van die jare 60 en 70 van die vorige eeu en lê groot klem op die verskillende kulturele, sosiale en geloofsfere van Suid-Afrika – almal steeds geldig vandag.
ondersoek onderwys- en beroepsmoontlikhede; en	Die roman dui 'n hele aantal beroepe aan wat 'n heerlike bron vir verdere gesprek oor beroepsmoontlikhede en entrepreneursge-leenthede bied.
ontwikkel entrepreneursgeleenthede.	Die praktiese aktiwiteite ten opsigte van beroepsgeleenthede maak voorsiening vir leerders om kreatief oor nuwe entrepreneurs-geleenthede te dink.

Die roman *Kroes* en die Nasionale Kurrikulum

Reeds ná 'n eerste lees van die roman *Kroes* behoort dit duidelik te wees dat die teks ideaal geskik is om al die basiese beginsels van die Nasionale Kurrikulum vir Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal vir Graad 11 met gemak te onderrig.

Die kulturele diversiteit en sosiale verwantskappe waarna verwys word, kan met gemak aangespreek word deur die multi-kulturele milieu van die roman. Nie net word 'n intieme blik op die Kaapse bruin (Christelik en "Slams") en wit kultuur (Joods, Engels, Afrikaans en Duits) gebied nie, maar 'n ewe intieme blik op die Johannesburgse (en Pretoriase) bruin, wit, Engelse, Afrikaanse, Joodse, Griekse en gewoon kosmopolitiese kultuur van die jare sestig en sewentig van die vorige eeu.

Omdat die roman *Kroes* 'n ryk verskeidenheid spraak- en taalregisters bevat, behoort dit 'n minder intimiderende teks vir 'n addisionele-taalspreker te wees as 'n teks wat byvoorbeeld in formele Afrikaans geskryf is. Terselfdertyd sal baie huistaalsprekers miskien met genoegdoening vind dat die karakters in die teks net soos hulle praat! Die taal van die teks is 'n besonder ryk studiegebied ten opsigte van variante van Afrikaans, asook 'n goeie bron vir interessante gespreksonderwerpe in die klas.

Kroes is ideaal geskik om leerders in Graad 11 aan te moedig om oor kulturele en taalgrense heen te gesels, en deur identifikasie met die karakters ook begrip en respek vir hedendaagse medeburgers van die land te ontwikkel.

Leeruitkomste

Soos breedvoerig uiteengesit in die Nasionale Kurrikulumverklaring is daar vier kritieke leeruitkomste vir die aanleer van tale:

- Luister en praat

- Lees en kyk
- Skryf en aanbied
- Taalvaardigheid

Elk van die vier leeruitkomste het ’n reeks **assesseringstandaarde** waarvolgens die leerder se vordering gemeet kan word, bv.:

LU1: Luister en praat: Die leerder is in staat om te luister en te praat vir ’n verskeidenheid doeleindes, gehore en kontekste.
AS1: Ons weet die leerder is daartoe in staat wanneer hy/sy kennis toon van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes.

In hierdie Onderwysersgids gaan daar hoofsaaklik op Leeruitkoms 1: Luister en praat en Leeruitkoms 2: Lees en kyk, gekonsentreer word.

> **Let wel**: Dit beteken NIE dat die ander leeruitkomste nie ter sprake sal kom nie. Almal word betrek, maar vir noukeurige besinning oor die bereiking van die leeruitkomste in die klas, sal daar spesifiek verwys word na die assesseringstandaarde van Leeruitkoms 1: Luister en praat en Leeruitkoms 2: Lees en kyk.

Assesseringstandaarde

Die NK verskaf ’n algemene assesseringskaal waarvolgens leerders se vordering gemeet kan word, nl.:

Skaal	Beskrywing van vermoë	Punt (%)
7	Uitmuntende prestasie	80–100
6	Lofwaardige prestasie	70–79
5	Bevredigende prestasie	60–69
4	Gemiddelde prestasie	50–59
3	Toereikende prestasie	40–49
2	Elementêre prestasie	30–39
1	Nie behaal nie	0–29

Hierdie skaal kan van toepassing gemaak word op ’n hele aantal aktiwiteite, maar meer gedetailleerde rubrieke sal later in die gids verskaf word.

Daar behoort in die loop van die jaar van die volgende assesseringsmetodes gebruik gemaak te word:

- Onderwyserassessering (onderwyser assesseer leerders se werk individueel of in groepverband)
- Selfassessering (leerders assesseer hulself ten opsigte van spesifieke aktiwiteite)
- Portuurassessering (leerders assesseer mekaar se werk)
- Summatiewe assessering (in die vorm van begrips-, insig- en romanmatige toetsvrae)

> **Wenk**: Dit is van die grootste belang dat leerders altyd sal verstaan presies wat van hulle verwag word, ten einde ’n taak na hul volle potensiaal te voltooi. Dit is daarom ’n goeie idee om telkens voordat ’n aktwiteit gegee word, die assesseringstandaarde in rubriekvorm met hulle te bespreek.

Hoe om hierdie gids te gebruik

'n Roman soos *Kroes* bied oorgenoeg stof om 'n hele jaar lank daarmee te werk ten einde alle uitkomste in die leerarea Tale te dek. Daar word egter van die standpunt uitgegaan dat leerkragte ook ander leerderboeke en onderwysersgidse vir die leerarea Tale (Afrikaans as Huistaal en Eerste Addisionele Taal) tot hul beskikking sal hê.

Daar word dus hoofsaaklik op die eerste twee leeruitkomste gekonsentreer, maar soos enige ervare onderwyser weet, kan geen leeruitkoms in isolasie staan nie. Volledigheidshalwe word al vier die Leeruitkomste vir Afrikaans Graad 11 hier gelys vir die onderwyser se verwysing. Die assesseringstandaarde van slegs Leeruitkoms 1 en 2 word egter gelys.

Leeruitkoms 1: Luister en praat

Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

AS1: Toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes:

- leer oor en deel idees en konsepte met mekaar, lewer kommentaar op ervarings, verdedig 'n standpunt, lees hardop, vertel 'n storie en lewer onvoorbereide response soos toesprake en praatjies;
- inisieer en hou gesprekke vol deur gepaste beurtnemingskonvensies te gebruik en hanteer stiltes en moedig aan waar nodig;
- gee en volg aanwysings en instruksies met toenemende akkuraatheid;
- neem deel aan groepbesprekings deur eie idees en menings uit te spreek en deur na ander s'n te luister en dit te respekteer oor kwessies soos inklusiwiteit magsverhoudings, die omgewing, menseregte en oor sosio-kulturele en etiese kwessies;
- neem deel aan paneelbesprekings, debatte en formele vergaderings en gebruik korrekte prosedures;

- stel 'n spreker gepas voor en doen bedankings;
- pas vaardighede in onderhoudvoering toe en doen verslag oor bevindings waar gepas.

AS2: Toon beplannings- en navorsingsvaardighede vir mondelinge aanbiedings:
- doen navorsing, met hulp, oor 'n onderwerp deur verskillende toepaslike bronne te gebruik;
- organiseer inligting logies deur hoofgedagtes en toepaslike en akkurate ondersteunende besonderhede of voorbeelde te identifiseer en te gebruik;
- identifiseer en kies hoofsaaklik gepaste woordeskat, strukture, konvensies en formate;
- berei 'n gepaste inleiding en slot voor;
- gebruik gepaste visuele, oudio- en oudiovisuele hulpmiddels soos kaarte, plakkate, foto's, beelde, skyfies, musiek, klank en elektroniese media.

AS3: Toon vaardighede in die luister na en lewer van mondelinge aanbiedings:
- gebruik bekende retoriese middels soos retoriese vrae, pouses en herhalings;
- gebruik en reageer gepas op toon, stemprojeksie, tempo, oogkontak, liggaamshouding en gebare;
- spreek woorde uit sonder om betekenis te verwring;
- toon begrip van mondelinge tekste deur hoof- en/of ondersteunende gedagtes aan te teken soos deur notas, kontrolelyste, opsommings, parafrases, oorvertelling en verduideliking;
- luister na en reageer ter verduideliking op vrae.

AS4: Toon kritiese bewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies:
- gebruik gepaste style en registers volgens doel, teikengroep en konteks;
- herken en verduidelik taalvariëteite met begrip en waardering;
- identifiseer en gebruik verskillende oorredingstegnieke;
- onderskei tussen feite en menings en gee bewyse;
- maak afleidings en gevolgtrekkings en motiveer met bewyse;
- verduidelik hoe die doelbewuste insluit of uitlaat van inligting betekenis kan verwring;
- herken die effek van taalvorme soos tegniese taal en vaktaal;
- herken die verhouding tussen taal en kultuur, en taal en mag;
- herken en bevraagteken die opvallende gebruik van gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering soos in propaganda en advertensies.

Leeruitkoms 2: Lees en kyk

Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

AS1: Toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering:

- vra vrae ten einde voorspellings te maak;
- vluglees tekste om hoofgedagtes te identifiseer deur titels, inleidings, eerste paragrawe en inleidende sinne van paragrawe te lees;
- soeklees tekste vir ondersteunende besonderhede;
- lees/kyk aandagtig volgens doel en opdrag;
- som hoof- en bykomende gedagtes op in sinne, paragrawe en/of puntsgewys;
- lei die betekenis af van onbekende woorde of beelde in bekende kontekste deur kennis van grammatika, woordaanpakvaardighede, kontekstuele leidrade, klank, kleur, ontwerp, plasing en deur sintuie te gebruik;
- herlees/kyk weer na en hersien tekste om begrip te bevorder.

AS2: Verduidelik die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en oudiovisuele tekste:

- vind toepaslike inligting en besonderhede in tekste;
- herken hoe seleksie en weglaat van inligting betekenis beïnvloed;
- onderskei tussen feite en menings en motiveer eie respons;
- herken die verskil tussen direkte en geïmpliseerde (verskuilde) betekenis;
- verduidelik die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief en gee bewyse uit die teks;
- herken die sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste;
- herken en verduidelik die impak op die betekenis van 'n teks van verskillende figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels soos inversie, metafoor, simbool, hiperbool, vergelyking, kontras, sarkasme, ironie, satire en antiklimaks;
- verduidelik die skrywer se gevolgtrekkings en vergelyk met eie;
- interpreteer en evalueer 'n verskeidenheid grafiese tekste;
- gee en motiveer, redelik oortuigend, persoonlike response op tekste.

AS3: Herken en verduidelik hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm:

- herken en verduidelik sosio-kulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings soos sienings oor geslag, klas, ouderdom, magsverhoudings, menseregte, inklusiwiteit en die omgewing in tekste;
- herken en verduidelik die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie in tekste.

AS4: Verken en verduidelik die hoofkenmerke van tekste en hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word (hierdie kenmerke moet nooit in isolasie behandel word nie):

- transaksionele en kreatiewe tekste:
  - identifiseer en verduidelik die doel, struktuur en taalgebruik in tekste oor die kurrikulum heen soos verslag, prosedure, oorvertelling, verduideliking, uiteensetting en beskrywing;
  - identifiseer en verduidelik die impak op die betekenis van 'n teks van tegnieke soos die gebruik van lettertipe en -grootte, hoofopskrifte en onderskrifte.
- literêre tekste: (roman, kortverhaal, volksverhaal [volksvertelling/folklore], kort essay):
  - beskryf die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik, karakter en die rol van die verteller waar toepaslik;
  - verduidelik boodskappe en temas en toon die verband met die teks as geheel;
  - verduidelik hoe agtergrond en milieu (ruimte) met karakter en/of tema verband hou;
  - verduidelik stemming, tydsverloop, ironiese wendings en afloop.
- poësie:
  - verduidelik hoe woordkeuse, beeldspraak, klank en stylfigure gebruik word om stemming, betekenis en tema uit te druk;
  - herken hoe versreël-en strofebou, rym, ritme en punktuasie betekenis skep en/of beïnvloed.
- drama:
  - herken en verduidelik hoe dialoog en handeling met karakter en tema verband hou;
  - verduidelik intrige, subintrige, karakteruitbeelding, konflik, dramatiese doelstelling en dramatiese ironie;
  - verduidelik dramatiese struktuur en toneelaanwysings.
- visuele, oudio- en multimediatekste:
  - identifiseer en verduidelik boodskappe en temas;
  - verduidelik die effek van visuele, oudio- en oudiovisuele tegnieke soos die gebruik van kleur, byskrifte (film), dialoog, musiek, klankeffekte, beligting, komposisie, redigering, rame, kameraskote, kamerategnieke, kamerabeweging en plasing in die voorgrond en agtergrond (posisie).

Leeruitkoms 3: Skryf en aanbied

Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

AS1: Beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks:

- verduidelik die vereistes van 'n geselekteerde verskeidenheid opdragte;
- identifiseer die teikengroep en spesifieke doel soos vertel, vermaak, oorreed, argumenteer, verduidelik, inlig, beskryf en manipuleer;
- identifiseer en verduidelik tekssoorte soos verbeeldings-, feitelike, kreatiewe, transaksionele en multimediatekste;
- besluit op en gebruik die gepaste styl, perspektief/standpunt en formaat van tekste;
- doen navorsing, met hulp, oor onderwerpe deur toepaslike inligting in 'n verskeidenheid bronne te vind, te ontsluit, te selekteer, bevindings aan te teken en van 'n bronnelys te voorsien;
- verander inligting van een bekende formaat na 'n ander soos 'n grafiek na 'n verhalende paragraaf;
- ontwikkel en organiseer samehangende idees deur tegnieke soos kopkaarte, diagramme, vloeidiagramme en kernwoordlyste te gebruik;
- gebruik 'n verskeidenheid visuele beelde en ontwerpelemente gepas.

AS2: Toon die gebruik van skryfstrategieë en -tegnieke vir eerste weergawes:

- gebruik hoof- en ondersteunende idees van die beplanningsproses effektief;
- eksperimenteer met formaat en styl vir kreatiewe doeleindes;
- identifiseer en gebruik styl- en retoriese middels gepas soos figuurlike taal, woordkeuse, lewendige beskrywing, eie vertolking en styl, spesifieke toon, simbool, kleur, plasing en klank;
- gebruik 'n verskeidenheid sinsoorte (instruksies, stel-, vraag-, bevel-, wens- en uitroepsin), sinslengtes en -strukture gepas;
- gebruik paragraafkonvensies om samehang (koherensie) te verseker deur inleidende sinne, inleidings- en slotparagrawe, logiese progressie van paragrawe, duidelike skakels tussen oorsaak en gevolg, en vergelyking en kontras gepas te gebruik;
- gebruik logiese skakels om kohesie te verseker soos voegwoorde, voornaamwoorde, bywoorde en voorsetsels.

AS3: Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en skryf die finale weergawe:

- gebruik vasgestelde kriteria vir oorsigtelike evaluering van eie en ander se skryfwerk en om skryfwerk te verbeter;verbeter samehang (koherensie) en kohesie binne die algehele struktuur;
- dink na oor die gepastheid van inhoud, styl, register en effek volgens doel, teikengroep en konteks en verander waar nodig;
- toon, met vertroue, 'n volgehoue eie perspektief en/of standpunt;
- verfyn woordkeuse, sin- en paragraafstrukture en skakel dubbelsinnigheid, omslagtigheid, woordoortolligheid, onvanpaste groeptaal, aanstootlike taal en slang uit;
- toon, tydens hersiening en verbetering, sensitiwiteit vir menseregte en vir sosiale, kulturele, etiese en omgewingskwessies, asook aangeleenthede soos geslag, ras, gestremdheid, ouderdom, status, armoede, lewenstyl, etniese oorsprong, godsdiens, MIV/vigs en ander siektes, en globalisering;
- berei tekste voor vir finale weergawe deur te proeflees en te redigeer;
- stel finale weergawe saam en gee aandag aan 'n gepaste aanbiedingswyse soos 'n netjiese, afgeronde teks of 'n indrukwekkende, kleurvolle plakkaat.

Leeruitkoms 4: Taal

Die leerder is in staat om taalstrukture en -konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.

Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:

AS1: Identifiseer en verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n wye verskeidenheid tekste:

- gebruik kennis van belangrike spelpatrone, -reëls en -konvensies vir nuwe en/of komplekse woorde en skep 'n persoonlike spellys;
- gebruik 'n verskeidenheid alledaagse afkortings en akronieme korrek;
- gebruik woordeboeke, 'n tesourus en die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* effektief vir verskillende doeleindes soos vir die naslaan van betekenis, spelling, uitspraak, klem en vir navorsing;
- gebruik basisvorm/stam en voor- en agtervoegsels om die betekenis van nuwe woorde soos in afleiding en samestellende afleiding te bepaal;
- gebruik geslags-, meervoudsvorme (ook dubbele meervoude) en verkleining korrek;
- gebruik trappe van vergelyking, verboë en intensiewe vorme van byvoeglike naamwoorde/adjektiewe en bywoorde (ook in vaste verbindings) korrek;
- identifiseer en verduidelik hoe tale woorde van mekaar leen en gebruik dit gepas;

- onderskei tussen alledaagse homonieme, homofone en ander woorde wat verwar word en gebruik dit korrek in tekste;
- gee een woord vir 'n omskrywing en gebruik 'n verskeidenheid sinonieme, antonieme en paronieme toenemend korrek in konteks.

AS2: Gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel in tekste:

- identifiseer en gebruik woordsoorte in 'n verskeidenheid tekste akkuraat en betekenisvol soos voorsetsels in vaste en vrye verbindings, telwoorde, werkwoorde, selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde, byvoeglike naamwoorde (adjektiewe), bywoorde, voegwoorde, tussenwerpsels en determineerders soos lidwoorde en aanwysende woorde;
- gebruik hoofwerkwoorde soos selfstandige en koppelwerkwoorde, hulpwerkwoorde, deelwoorde (ook in vaste verbindings) en die infinitiewe vorm akkuraat en om tyd en stemming uit te druk;
- verduidelik die funksie van sinsdele soos onderwerp, voorwerp en gesegde in enkelvoudige sinne en gebruik bywoordelike en byvoeglike bepalings/sinsnedes, om sinne betekenisvol uit te brei;
- gebruik komplekse sinne en saamgestelde sinne soos hoofsin, en bywoordelike en byvoeglike bysinne toenemend korrek;
- skep kohesie in en tussen sinne deur verbindingswoorde soos voeg- en voornaamwoorde akkuraat te gebruik;
- gebruik die passief/lydende vorm en die aktief/bedrywende vorm gepas volgens doel;
- gebruik direkte en indirekte rede korrek en vir 'n gewenste effek;
- gebruik ontkennende vorme korrek en op verskillende maniere;
- gebruik gepaste woordorde in sinne sonder om betekenis te verwring;
- gebruik punktuasie korrek en vir 'n verskeidenheid doeleindes soos verduidelik betekenis, toon grammatikale verband en vir beklemtoning;
- gebruik figuurlike taal soos idiome, idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde gepas;
- vertaal sinne van teikentaal na huistaal en omgekeerd.

AS3: Ontwikkel kritiese taalbewustheid:

- verduidelik denotasie en konnotasie;
- verduidelik hoe taal deur implisiete en eksplisiete boodskappe, waardes en houdings die ontvanger/leser/kyker onwillekeurig sekere perspektiewe laat deel;
- identifiseer en bevraagteken partydigheid, stereotipering, gevoels-, oorredings- en manipulerende taal en verken alternatiewe uitdrukkingswyses.

Afkortings in hierdie gids
AH = Afrikaans Huistaal
AEAT = (Afrikaans Eerste Addisionele Taal)

MODULE 1
Die roman as genre en vooraf-verwagtinge

Die roman as genre

Onderrigwenke

Die lees van ’n roman behoort pure plesier te wees! Dit bied aan die leser ’n verbreding van die eie realiteit, die eie wêreld, insig in ’n wêreld en karakters wat van die eie verskil. Elke roman (of enige ander leesstuk) is inherent ’n leerervaring, nie net op insigvlak nie, maar natuurlik ook op woordeskat- en taalvlak.

Kroes is in die eerste plek ’n hoogs leesbare roman. Dit is geskryf met ’n inherente eerlikheid, ’n openlikheid, ’n wens om die leser bekend te stel aan die lewe en wêreld van die hoofkarakter, Pattie. Dit is ’n roman wat die leser nie bedreig nie; dit stel nie té groot uitdagings aan die leser se gewillige opheffing van sy/haar natuurlike instink tot skeptisisme nie. Dis ’n roman wat ’n mens vriendelik innooi tot ’n ander, minder bekende wêreld vir talle hedendaagse lesers.

Daarom sal dit goed wees as die onderwyser(es) probeer om die volgende in gedagte te hou tydens die lees en bestudering van die roman:

- Wees **entoesiasties** oor die proses (entoesiasme is altyd aansteeklik).
- Beskou die proses as ’n gesamentlike **ontdekkingsreis** na ’n minder bekende tyd en plek en mense.

- Moenie net fokus op vrae en antwoorde nie; dit kan later as summatiewe assesseringsoefeninge gedoen word.
- Fokus op die proses van nuwe woorde, nuwe taalstrukture aanleer; nuwe ontdekkings oor ’n tydperk en milieu, oor mense wat daarin geleef het, waarom hulle gedoen het wat hulle gedoen het (of nie gedoen het nie).
- Probeer om altyd die onbekende vas te knoop aan dit wat wel vir die leerders bekend is, om sodoende ook nuwe insig in hul eie huidige situasies te bring.
- En **praat** daaroor, oor elke liewe aspek van die roman, die karakters, die ruimte waarin hulle hul bevind, hoe hulle daaroor voel, daarop reageer.
- Praat self, en moedig die leerders aan om ook te praat: oor die roman, die karakters, hul eie gevoelens daaroor, wat hulle daarvan verstaan; hoe dit hulle eie siening van sake toe én nou beïnvloed.

Oorsprong

Die roman as literêre genre het sy oorsprong in die klassieke Griekse tragedies – dramas oor die wel en wee van grootse helde wat uiteindelik deur ’n ewe grootse sameloop van omstandighede en die noodlot gedwing word om hul menslike swakhede te besef, indien dan nie te aanvaar nie. Die proses waartydens die held tot inkeer kom/sy menslikheid en nietigheid besef, word **katarsis** genoem. Dit beteken letterlik ’n “skoonmaakproses”, d.w.s. die uitwissing van die illusies en die aanvaarding van die realiteit.

Kenmerke

Die belangrikste aspekte van die klassieke Griekse tragedies wat behoue gebly het in die moderne roman, is dat daar feitlik altyd sprake is van:

- interessante, ongewone, selfs buitengewone **karakters**;
- **karakterontwikkeling** in die **hoofkarakter** (protagonis) en sommige van die newe-karakters, d.w.s. dat daar ’n innerlike verdie-

ping, verandering, volwassewordingsproses in die hoofkarakter waarneembaar is (**katarsis)**;

- ’n reeks interessante/ongewone/samehangende **gebeure**;
- ’n duidelik omskrewe **ruimte** of **milieu** (die wêreld waarbinne die storie afspeel);
- spesifieke **temas** wat die karakters se doen en late beïnvloed en/of bepaal;
- **konflik** en **spanning**, wat die leser se aandag gevange hou en hom/haar aanspoor om verder lees, die einde te wil bereik;
- betekenis, in terme van ’n “boodskap” of nuwe insig of ’n verandering of verdieping van insig, of ’n nuwe **perspektief** wat die roman aan die leser wil bring.

Terminologie/metataal

Ten einde oor die **inhoud**, **struktuur** en **tematiese implikasies** van ’n roman te kan gesels, het leerders sogenaamde **metataal** nodig, d.w.s. terminologie wat hulle in staat stel om ingelig en met gemak oor romanmatige aspekte te kan gesels.

In die **glossarium** (aan die einde van dié Onderwysersgids) volg ’n lys van die bekendste romanmatige **terminologie** met voorbeelde uit die teks, *Kroes*. Raadpleeg dit dikwels, en maak gerus fotostate vir die leerders se gebruik.

Voorafverwagtinge en die roman

Omdat daar sekere verwagtinge geskep word deur die **titel**, **skrywersnaam**, **omslagillustrasie** en **flapteks**, kan die leser ’n lys saamstel van voorafverwagtinge wat hopelik gerealiseer sal word deur die roman.

Met die heel eerste kennismaking met ’n boek, dit wil sê wanneer die boek vir die eerste keer in die hand geneem en bekyk word, word daar bepaalde **verwagtings** by die leser geskep (leserverwagtings). Hierdie

verwagtings kan positief of negatief wees; kan jou opgewonde maak oor die lees van die boek, of kan jou traag maak om dit te lees. Dit is egter belangrik om te onthou dat ’n mens se verwagtings nie noodwendig gerealiseer sal word nie – dit kan wees dat ’n mens valse verwagtinge koester, byvoorbeeld!

Dit is altyd ’n interessante oefening om ’n mens se eie, eerlike, eerste verwagtings neer te skryf en dan, wanneer die teks klaar gelees is, terug te gaan daarna en te kyk watter in die kol was, watter nie gerealiseer is nie, ens.

Aktiwiteit 1: Skryf en praat

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU1 AS1, AS3, AS4; LU2 AS1; LU3 AS1, AS2, AS3

Vra leerders om na aanleiding van die onderstaande tabel die volgende te doen:

1. Vul die tabel individueel in.
   - Wees so eerlik en openlik as moontlik (**individuele aktiwiteit: skryf/invul van vorms**).

2. Leerders lees hul eie skryfwerk sorgvuldig deur.
   - Merk enige foute in ’n ander kleur pen/potlood.
   - Probeer die regte vorm van die woord neerskryf (**proeflees van eie werk**).

3. Leerders lees mekaar se tabelle.
   - Merk enige taal- en spelfoute (**proeflees van 'n ander se werk**).
   - **Let wel**, dit gaan nie hier om die inhoud van wat geskryf is nie, maar bloot hoe taalvaardig die gedagtes neergeskryf is.

4. Verdeel in groepe van vier en bespreek:
   - watter verwagtinge ooreenkom en
   - watter verwagtinge radikaal verskil (**groepbespreking; beredenering; bereik van konsensus**).

5. Vra die klas om in hul groepe terugvoering te gee oor:
   - die verwagtinge waaroor hul konsensus bereik het.

6. Maak 'n transparant en
   - skryf al die geldige voorafverwagtinge daarop
   - bewaar dit tot die laaste les oor die roman.

> **Wenk**: Tydens die laaste les oor die roman kan hierdie transparant gerus weer opgediep word, sodat die klas as geheel hul indrukke kan deel oor hoe hul voorafverwagtinge gerealiseer is deur die lees van die roman, al dan nie.

Titel	*Kroes*
Skrywer	Pat Stamatélos
Kort beskrywing van omslagillustrasie	
My verwagtings n.a.v. die omslagillustrasie	
Persoonlike verwagtinge n.a.v. die titel	
Persoonlike verwagtinge n.a.v. die skrywersnaam	
Persoonlike verwagtinge n.a.v. die flapteks/klapteks	
Finale verwagtings	

© Kwela. Toestemming word verleen om hierdie tabel te fotostateer.

Aktiwiteit 2: Begripsoefening

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU1 AS3; LU2 AS1; LU4 AS1

Nadat leerders hul eie verwagtinge neergeskryf, geproeflees, bespreek en konsensus bereik het, kan die volgende oefening met die leerders gedoen word as ’n begripsoefening.

1. Lees die onderstaande tabel hardop aan die leerders voor **(luister-oefening)**.
   - Leerders moet op hul gefotostateerde kopieë volg terwyl dit aan hulle voorgelees word **(leesoefening)**.

Titel	*Kroes*
Skrywer	Pat Stamatélos
Kort beskrywing van omslagillustrasie	’n Jong meisie op ’n tuinmuurtjie met haar hondjie by haar voete. Sy is netjies aangetrek, met haar hare mooi gekam, maar dit lyk soos ’n outydse foto. Sy kyk reguit na die kamera, maar sy glimlag nie regtig nie. Sy lyk eintlik ’n bietjie hartseer of dalk moedeloos of onverhoeds betrap deur die fotograaf.
My verwagtings n.a.v. die omslag-illustrasie	Ek dink die storie sal oor ’n meisie gaan – vermoedelik oor iemand wat nou al ouerig is, want sy was jonk in die tyd van die foto. Te oordeel na haar kleredrag en haarstyl, was sy ver-moedelik ’n kind in die tydperk 1960–1970.

Persoonlike verwagtinge n.a.v. die titel	"Kroes" is 'n ongewone woord, wat gewoonlik gebruik word ten opsigte van haartekstuur, d.w.s. baie klein krulletjies wat teen die kop groei. Dis die soort woord wat mens gewoonlik assosieer met die haartekstuur van sommige bruin en die meeste swart mense. Dit laat my dink die titel verwys dalk na bruin of swart mense, maar dis verbasend, want die meisie op die foto lyk wit.
Persoonlike verwagtinge n.a.v. die skrywersnaam	Ek is nie seker of die skrywer 'n man of 'n vrou is nie. Omdat daar 'n meisie op die foto is, dink ek Pat verwys seker na 'n vrou. Ek verwag dat die storie oor 'n meisie gaan, en dat dit deur 'n vrou geskryf is. Die van is nie 'n tipiese Afrikaanse van nie. Dit lyk vir my Grieks. Ek verwag dus dat dit nie 'n tipiese Afrikaanse storie oor 'n middelklas Afrikaanse gesin sal wees nie.
Persoonlike verwagtinge n.a.v. die flapteks/klapteks	Die naam Pattie Peters laat my dadelik aan die skrywersnaam "Pat" dink en laat my vermoed dat dit moontlik 'n semi-outobiografiese roman is. Later in die flapteks lees ek dat Pattie Peters 'n Griekse man ontmoet. Dit versterk die vermoede verder, want die skrywer het ook 'n Griekse van. Die direkte rede wat aangehaal word, is tipies van die manier waarop baie Kaapse bruin mense praat. Dit laat my dink die titel *Kroes* verwys wel na bruin mense. As ek nou dink aan die meisie op die foto, wonder ek of sy wit of bruin is . . . dalk is dít waaroor die storie gaan: iemand wat wit lyk, maar eintlik bruin is, of andersom. My vermoede n.a.v. die kleredrag op die foto word bevestig: die meisie is jonk in die jare sestig van die vorige eeu. Die bevestiging dat die meisie op die omslag dalk bruin is, al lyk sy wit, word in die laaste sin van die flapteks gekry.
Finale verwagtings	Die storie sal oor 'n bruin meisie gaan wie se ma jonk dood is, wat toe by haar anties moes gaan woon en uiteindelik verlief raak op 'n Griekse man. Ek verwag heelwat **konflik**, want ek weet in die jare sestig van die vorige eeu was daar 'n Groepsgebiedewet en ook 'n Wet op Gemengde Huwelike. Ek dink die belangrikste **temas** sal te make hê met kleur-/rassekwessies in Suid-Afrika.

2. Skryf die volgende woorde op ’n transparant of op die bord:

tema
outobiografiese
fiktiewe
hoofkarakter/protagonis
antagonis
voorafverwagtinge
gebeure
milieu
biografiese

- Lees die onderstaande paragraaf aan die leerders voor en vra die leerders om telkens die korrekte woord langs die letters (a) tot (g) neer te skryf.

Wat in die tabel ingevul is, is die leser se . . . (a) . . . wat betref die . . . (b) . . . in die verhaal. Die leser verwag dat Patti Peters die . . . (c) . . . in die verhaal sal wees, en dat die belangrikste . . .(d) . . . in die verhaal te make sal hê met die kleur-/rassekwessies in Suid-Afrika van daardie jare. In ’n roman het ons gewoonlik ’n . . . (e) . . . verhaal, m.a.w. nie ’n ware verhaal nie. Selfs die feit dat die naam van die skrywer met dié van die . . . (f) . . . ooreenstem, beteken nie dat ons hier ’n . . . (g) . . . vertelling het nie.

Antwoorde
(a) voorafverwagtinge
(b) gebeure
(c) protagonis/hoofkarakter
(d) tema

(e) fiktiewe
(f) hoofkarakter/protagonis
(g) outobiografiese

3. Leerders sien mekaar se werk na, en let veral op
- korrekte spelling.

4. Verduidelik aan leerders die betekenisse van die woorde wat nie in die paragraaf voorgekom het nie.

Antagonis	*(antagonist)*	Die karakter wat teenoor die protagonis of hoofkarakter gestel word; gewoonlik die karakter wat die teenoorgestelde verteenwoordig as die protagonis
Biografiese	*(biographical)*	'n Lewensgeskiedenis van 'n ander persoon as die skrywer
Milieu	*(setting/ background/ scene)*	Die agtergrond waarteen die verhaal afspeel; die plasing van 'n verhaal in 'n bepaalde plek en tyd.

© Kwela. Toestemming word verleen om hierdie tabel te fotostateer.

Aktiwiteit 3: Skryf 'n Curriculum Vitae (individueel)

AH	Geskik	**AEAT**	'n Uitdaging

LU3 AS1, AS2, AS3

Bespreek die hoofkenmerke van 'n suksesvolle Curriculum Vitae met die leerders. Vra hulle om die volgende te doen:

- Verbeel jou jy het pas ’n roman geskryf. Jy wil dit voorlê aan ’n uitgewer. Hulle vra dat jy ’n kort Curriculum Vitae van jouself saamstuur.
- Onthou: vir hierdie oefening moet die leerders nie hul eie werklike CV opstel nie, maar ’n **fiktiewe** of verbeelde een.

Aktiwiteit 4: Advertensies (groepwerk)

AH	Geskik	**AEAT**	Geskik

LU2 AS1, AS2; LU3 AS1, AS2, AS3

Bespreek die kenmerke van ’n goeie advertensie met die leerders, en wys veral op die volgende:

- Feitelike teenoor emotiewe oorredingstaal
- Noodsaaklike inligting teenoor manipulerende inligting
- Die gebruik van kleur, lettertipe, grootte van letters, ens.

Vra die leerders om in groepe van vier ’n advertensie op te stel vir die roman *Kroes*. Die **teikengehoor** is hulle eie ouderdomsgroep; die prys van die boek is R120,00 en die uitgewer is Kwela.

> **Wenk:** Stel ’n assesseringsrubriek op wat vooraf met die leerders bespreek word, sodat hulle presies weet hoe hulle werkstukke geassesseer en bepunt gaan word. Die voorbeeld hieronder kan met min moeite aangepas word om ook gebruik te word vir ander navorsingsprojekte.

Voorbeeld van 'n assesseringsmatriks vir groepwerkprojekte				
Punteskaal: totaal van 20	4	3	2	1
Geskik vir teikengehoor	Goeie keuse van invalshoek; uiters geskik vir teikengroep	Taamlik goeie keuse van invalshoek; sal 'n gedeelte van die teikengroep bereik	Onseker keuse van invalshoek; nie regtig geskik vir teikengehoor nie	Benodig hulp met keuse van invalshoek en met wat sal werk vir die teikengehoor
Organisering; struktuur en aanbod van inhoud	Logies, hegte struktuur, niks ontbreek nie, niks is onnodig nie	Taamlik logies en redelik goeie struktuur, maar iets ontbreek of is oorbodig	Basiese struktuur is daar, maar inligting ontbreek en onnodige inligting verskaf	Geen samehang nie, geen herkenbare struktuur nie, inligting nie logies en volledig nie
Ontwerp (formaat, kleur, lettertipe, beeldmateriaal, ens.)	Oorspronklik en uitstekende geheelindruk; trek dadelik die oog	Alle tekens van ontwerpelemente is daar, maar nie so suksesvol gekombineer nie	Slegs sommige ontwerpelemente is benut	Benodig hulp met ontwerpelemente en toepassing daarvan
Algemene voorkoms en indruk	Baie moeite gedoen; uitstekende resultaat	Moeite is gedoen, maar resultaat nie heeltemal so geslaag nie	Tekens van poging, maar slaag nie goed nie	Afskeepwerk, slordig
Taalgebruik	Register gepas; geen taalfoute nie	Register gepas, maar hier en daar 'n taalfout	Register nie van pas nie	Vol foute; register heeltemal onvanpas

MODULE 2

Die karakters en wat hulle verteenwoordig

Opsommend

Soos in die vorige hoofstuk gemeld, is een van die belangrikste kenmerke van ’n roman die karakters daarin, by uitstek die hoofkarakter of protagonis. Dit is van die heel eerste bladsy af duidelik dat hierdie roman handel oor die lewe van Pattie (Pettie) Peters, vanaf haar ma se dood toe sy agt jaar oud was, tot in haar volwasse lewe.

Ons leer Pattie ken as die jongste van vier kinders, met ’n pa wat so platgeslaan is deur die ma se vroeë dood, dat hy nie kans sien om sy jongste kind groot te maak nie. Hy besluit daarom om haar na haar tantes in die Strand te stuur – twee oujongnooiniggies van Pattie se ma. Pattie pas eintlik wonderbaarlik goed aan by die twee tantes, maar die gemis aan haar ma bly haar voortdurend by.

Sy begin uiteindelik vriende maak, maar hulle is nie noodwendig ’n goeie invloed op haar nie. So, byvoorbeeld, verlei Lorraine haar om te maak asof sy wit is, en saam met haar na die strandgebied te gaan waar die wit kinders gewoonlik bymekaar kom. Haydee, haar tweede vriendin, leer haar weer om te rook.

Hoe dit ook al sy, eintlik bly Pattie verbasend ongeskonde en ongekunsteld. Selfs toe sy klaar is met skool en universiteit toe gaan, is sy eintlik nog baie naïef en onskuldig. Intellektueel is sy egter opgewasse vir die studente wat sy daar ontmoet – slaag sy selfs daarin om hulle met haar argument oor kleur en agtergrond te troef, sodat hulle almal tot ’n nuwe insig kom: kleur mag verskil, maar onder die velkleur is almal eintlik maar soos wat hulle sosiale en kulturele invloede hulle help vorm het.

Pattie beleef ’n groot teleurstelling wanneer sy nie haar eerste jaar op universiteit slaag nie, maar dan nooi haar suster haar na Johannesburg, en gaan daar ’n nuwe toekoms vir haar oop.

Onderrigwenke

Voordat lesers met insig en begrip oor ’n roman kan gesels, moet daar seker gemaak word dat hulle verstaan wat hulle lees. Dit is dus altyd ’n goeie idee om met woordeskatoefeninge te begin.

- Begin telkens ’n les met ’n woordeskatoefening ten einde die leerders se aandag te vestig op moeilike of redelik onbekende woorde in die teks.
- Moedig leerders aan om van die begin af ’n **persoonlike woordeboek** te hou waarin nuwe woorde opgeteken word. Leerders kan die betekenis in Engels of in hul huistaal weergee.
- Sorg dat daar altyd verklarende en/of tweetalige woordeboeke beskikbaar is.

> **Wenk:** Indien daar ’n gebrek aan woordeboeke is, fotostateer die nodige bladsye uit ’n biblioteek- of persoonlike kopie, en stel dit aan die leerders beskikbaar. Dit is noodsaaklik dat leerders blootgestel word aan woordeboeke en leer hoe om dit te gebruik.

Aktiwiteit 1: Woordeskat en idiomatiese uitdrukkings

AH	Hersiening; inskerping	AEAT	Geskik

LU2 AS1; LU4 AS1

1. Skryf die volgende woorde en uitdrukkings op die bord neer.
   - Vra die leerders om deur Hoofstuk 1 en 2 te **soeklees** en die woorde te onderstreep:

wasig (p. 7)
in 'n dwaal (p. 7)
onseker (p. 8)
slinger (p. 8)
tiekieboks (p. 9)
boggel (p. 9–10)
aardig (p. 10)
oujongkêrel (p. 13)
neem hom nie kwalik nie (p. 13)
is hom goedgesind (p. 13)
gee vet (p. 14)
brak (p. 14)
indringer (p. 15)
inkennig (p. 16)
verandering . . . te verwerk (p. 18)

2. Verduidelik aan die leerders hoe om 'n woordeboek te gebruik.
   - Vra hulle om die mees gepaste betekenis te identifiseer en in hul **persoonlike woordeboek** neer te skryf, bv. **Ww: wasig =** *misty*.

Aktiwiteit 2: Teksgerigte vrae

A. Begripsvrae

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU2 AS1, AS2

1. Watter nuus hoor Pettie van haar pa die oggend toe hy haar kom wakker maak?
   - *Dat haar ma dood is.*

2. Hoe reageer Pettie op die nuus wat haar pa bring?
   - *Sy is in 'n dwaal / sy huil net 'n bietjie en kan nie verstaan hoekom haar ouer broer en susters so ontsteld is nie / sy aanvaar dit gouer as die ouer mense.*

3. Wat is Pettie se ma se naam?
   - *Nel*

4. Hoe lank was Pettie se ma in die hospitaal?
   - *Net een dag*

5. Wat gebeur met Pettie na haar ma se begrafnis?
   - *Haar pa stuur haar na haar tantes/anties in die Strand/Haar pa gee haar weg vir haar anties/Sy moet by haar anties/tannies /tantes in die Strand gaan bly.*

6. Watter woorde in die laaste paragraaf op p. 11 dui daarop dat Pettie verwerp gevoel het?
   - *"my dadda het my weggegee"*

7. Hoe spreek Pettie haar twee anties in die Strand aan?
   - *Kitty en Maggie / Sy noem hulle nie antie of tannie nie / Sy noem hulle op hul name.*

8. Wat is Pettie se oudste suster se naam?
   - *Kay*

9. Watter inligting kry ons oor Oompie Spyker op p. 13?
   - *Hy is 'n oujongkêrel / hy is "queer" / hy het nooit getrou nie / hy is 'n goeie mens ("a good old soul") / hy is altyd gereed om te help as ander hulp nodig het / hy het 'n motor / hy drink baie.*

10. Wat leer Pettie by haar anties oor die sosiale struktuur in die Strand (en elders in die land) (p. 15)?
    - *Dat wit mense op die voorste banke in die bus sit en bruin mense heel agter / dat bruin mense bo sit in dubbeldekker-busse / wat die woord "Europeans" beteken.*

11. Wat het vir Pettie 'n groot verleentheid by die skool veroorsaak? Waarom?
    - *Die reënjas wat haar anties vir haar gekoop het. Dit was te groot en het veroorsaak dat sy in die klas boeke van 'n maat se bank afgestamp het.*

12. Watter verskil was daar vir Pettie tussen verjaarsdae by haar ouerhuis en verjaarsdae by haar anties in die Strand?
    - *By haar ouerhuis het hulle geskenke gekry en was bly daaroor, al was dit goedkoop; by die anties was die geskenke altyd duur, en het sy gevoel sy moet ekstra dankbaar wees net omdat die geskenke duur was.*

13. Watter politieke nuus lees Kitty uit die *Argus* voor?
    - *Dat Verwoerd (Hendrik Verwoerd) in die gesig geskiet is.*

Soortgelyke **begripsvrae** kan gerus vir leerders van **AEAT** oor elke hoofstuk opgestel word. Verdere begripsvrae word in die summatiewe assessering gevind.

B. Insigvrae

AH	Geskik	AEAT	Geskik en ’n uitdaging

1. Watter funksie het die verwysing na Verwoerd in die verhaal?
   - *Dit geen ’n egte tydsaanduiding in die verhaal (1960) en dit dui daarop dat die verhaal in die werklike Suid-Afrika van daardie tydperk geplaas is, d.w.s. die ruimte en tyd is nie fiktief nie.*

2. Waar presies in Hoofstuk 1–2 vind die leser bevestiging daarvan dat Pettie bruin is?
   - *p. 15: toe haar antie aan haar verduidelik wat die woorde “Europeans only” beteken, en Pettie laat blyk: “Toe weet ek.”*

3. Daar word in Hoofstuk 1 melding gemaak van (Hendrik) Verwoerd wat in 1960 in die gesig geskiet is, en van apartheidswette op openbare vervoer. Waarom, meen jy, sou mens kon sê dat Suid-Afrika se politieke beleid van apartheid ’n **tema** is in hierdie roman?
   - *Leerders gee eie menings. Moedig hul aan om verdere voorbeelde van hierdie tema in die teks te soek soos wat daar gelees word.*

4. Deesdae word die woord “Slams” as pejoratief (negatief) beskou. Watter **gesindheid** openbaar Pettie en haar anties teenoor Rachmat Ralouin (p. 17) as daar na haar verwys word as “Slams”?

- *Dat sy anders is as hulle / dat sy van 'n ander geloof is / dat hulle bewus is van 'n afstand (sosiale afstand) tussen hulle en haar.*

5. Waarom het die insident van Verwoerd se verwonding vir Pettie so diep geraak?
   - *Dit het vir haar gevoel haar anties praat oor die dood asof dit niks is nie, terwyl sy steeds, ná jare, erg oor haar ma se dood gevoel het.*

6. Tot watter insig kom die leser oor Pettie, die hoofkarakter, nadat ons verneem dat sy haar nie net die dood van haar ma nie, maar ook die potensiële dood van Verwoerd aantrek?
   - *Dat dit nie vir haar gaan oor WIE dit is wat dood is of amper dood is nie, maar dat dit vir haar gaan oor die verlies van 'n lewe. Pattie, anders as haar tantes, is dus nie kleur- of polities bewus in hierdie stadium van haar lewe nie.*

Soortgelyke **insigvrae** behoort deurgaans vir leerders van **AH** oor elke hoofstuk opgestel word. Vir leerders van **AEAT** kan vrae van soortgelyke moeilikheidsgraad opgestel word as 'n uitdaging. Verdere vrae word in die summatiewe assesserings gevind.

C. Romanmatige vrae

AH	Geskik	AEAT	Geskik en 'n uitdaging

1. Wie se storie is dit in die eerste plek?
   - *Pattie s'n*

2. Hoe weet ons dit?
   - *Sy is die ek-verteller / sy maak dit duidelik dat dit haar storie is wat sy hier vertel.*

3. Watter soort verteller is aan die woord?
   - *'n Ek-verteller/eerstepersoonsverteller*

4. Wat is die belangrikste **gebeurtenis** waarvan daar in Hoofstuk 1 vertel word?
   - *Patti se ma se siekte en dood*

5. Wat is die **gevolg** hiervan?
   - *Patti se pa reël dat sy by haar twee tantes in die Strand gaan woon / sy verlaat haar ouerhuis*

> Soortgelyke **romanmatige vrae** behoort oor elke hoofstuk gestel te word vir leerders van **AH**. Vir leerders van **AEAT** kan vrae van dieselfde moeilikheidsgraad as verrykingsoefening of uitdaging opgestel word. Verdere vrae van hierdie aard word in die summatiewe asseringstoetse gevind.

D. Beeldspraak en stylfigure

AH	Geskik	AEAT	'n Uitdaging

Hersien die beeldspraak en stylfigure waarmee leerders reeds in vorige grade kennis gemaak het, en laat hulle dan voorbeelde uit die teks identifiseer.

- Skryf die volgende lys op ’n transparant of op die bord, en vra hulle om die korrekte benoeming te pas by die gegewe aanhalings.

Vergelyking	Letterlike taal
Metafoor	Litotes
Klanknabootsing	Kontras
Rym	Oksimoron
Simboliek	Dramatiese ironie
Ironie	Herhaling
Personifikasie	

Aanhalings:

1. “Sy lyk net moeg, soos iemand wat nou opgee.” (p. 10)
2. “Kompleet soos iemand wat op ’n kruis vasgespyker is.” (p. 10)
3. “. . . sy het lang vingers . . . ” (p. 19)
4. “Hulle klieng-klieng teen mekaar soos oompie vet gee of rem trap.” (p. 25)
5. “. . . ek dink miskien is dit die bottel wat nou praat . . . ” (p. 29)
6. “Dis nou ’n hotnoshys wattie wit mense hier gebou het.” (p. 34)
7. “Kitty se resepteboek word saam met my skoene in die piepot gedra.” (p. 38)
8. “Dorie, die lieflingskind. Nou sit sy by Dadda se suster en haar man in Grabouw. Alleen, sonder die dadda wat so lief is vir haar.” (p. 43)
9. “Sy lag met pêrels vir tande . . . ” (p. 63)
10. “*Jy’s ’n meid, / Jy’s ’n meid, / Jy word weggesmyt!”* (p. 71)

Antwoorde

1. *vergelyking*
2. *vergelyking*
3. *litotes*
4. *klanknabootsing*
5. *personifikasie*
6. *metafoor*
7. *kontras*
8. *ironie*
9. *metafoor*
10. *metafoor en rym / herhaling*

Wenk: Soos in Module 1, moet die onderwyser ook die woorde wat nié as antwoorde gedien het nie, aan die leerders verduidelik.

Aktiwiteit 3: Karakters in die roman

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU2 AS2

Vooraf

Gesels met die leerders oor die verskillende soorte karakters in ’n roman, nl.

- Hoofkarakter/protagonis
- Hoof-opponerende karakter/antagonis
- Newekarakters/minder belangrike karakters

Gesels ook oor die verskillende karakteriseringstegnieke wat in ’n roman gevind word, nl.

- **Direkte** karakterisering (karakterbeskrywing deur die verteller)
- **Indirekte** karakterisering (karaktertekening deur die karakter op ’n spesifieke manier in ’n situasie te laat optree, sodat die leser self gevolgtrekkinge oor die karakter se wese kan maak; die taalgebruik of taalregister van ’n karakter; die politieke, sosiale, tematiese uitsprake wat ’n karakter in die direkte rede doen, ens.)

Skryf die volgende woorde op die bord of ’n transparant:

Hoofkarakter/protagonis
Newekarakters/minder
belangrike karakters
Familielid van susters
Tantes/tannies/anties
Broer
Pa
Ma
Antagonis

- Vra die leerders om telkens die korrekte woord in te vul, terwyl die volgende paragraaf aan hulle voorgelees word:

Pettie, die (a) _____ van die roman, se (b) _____ sterf in die eerste hoofstuk. Ons hoor dat haar (c) _____ haar na haar (d) _____ in die Strand stuur om daar te gaan bly. Pettie is aanvanklik verbaas oor haar (e) _____ en (f) _____ se reaksie op haar ma se dood. Maar wanneer haar (g) _____ haar na haar (h) _____ in die Strand stuur om daar te gaan bly, word die gemis aan haar ma baie erg vir haar.

Antwoorde

1. *hoofkarakter/protagonis*
2. *ma*
3. *pa*
4. *tantes/tannies/anties*
5. *susters*
6. *broer*
7. *pa*
8. *tantes/tannies/anties*

Aktiwiteit 4: Invul van ’n lys/vorm

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU2 AS1, AS2

Help die leerders om ’n lys van al die karakters in Hoofstuk 1–2 van die roman op te stel.

- Vra die leerders om deur Hoofstuk 1 en 2 te **soeklees** ten einde al die karakters te identifiseer.
- Toets die lesers mondeling ten einde vas te stel of hul die karakters se verbintenis met die hoofkarakters kan vasstel.

Karakter	Plek in hiërargie t.o.v. die hoofkarakter
Pettie Peters	Hoofkarakter
Dadda	Haar pa
Mamma	Pettie se ma, Nel; sy sterf in die eerste hoofstuk
Kay	Oudste suster
Dorie	Tweede suster
Stewie	Ouboet
Die antie van langsaan	Buurtannie wat kom troos

Kitty	Antie in die Strand
Maggie	Antie in die Strand
Oompie Spykers	"Queer" karakter wat as taxi-man en algemene vriend vir die anties in die Strand optree
"Prinsie"	Hoofkarakter Pettie se hond waarvan sy moet afskeid neem wanneer sy na die anties toe gaan
Juffrou	Pettie se nuwe juffrou in Somerset-Wes wat baie kwaai is
Erika	Vriendin van Pettie toe sy nog by haar ouers gewoon het
Rachmat Ralouin	Die landlady in die Strand se niggie; sy moet Pettie in die middae inlaat in die huis en middagete gee

Aktiwiteit 5: Deurlopend – lees, praat en skryf

AH	Geskik	**AEAT**	Geskik en 'n uitdaging

LU2 AS1, AS2

Die volgende tabel ten opsigte van karakters in die roman is hoofsaaklik vir die onderwyser se verwysing, maar kan gerus ook gefotostateer word vir die leerders se verwysing.

- Wys die leerders daarop dat hierdie roman outobiografies van aard is, en dat die newekarakters se belangrikste funksie dus is om die hoofkarakter se lewe en wêreld in te klee.

Nuwe karakters (Hfst. 3–7)	Verbintenis met Pattie / rol in die verhaal
Lorraine Cupido	Pattie se eerste vriendin in die Strand, wat Pattie aan wit kinders / jong mense bekendstel en vir Pattie aanbeveel om “te maak asof jy wit is”
Peet	Lorraine se wit seunsvriend
Kraut	Die eerste seun met wie Pattie ’n fisieke ontmoeting het
Pearl Cupido	Lorraine se ma
Mev. Abrahams	Die eienares van die huis waar die tantes in die agterplaas woon
Vetkoek	’n Vriendin van oompie Spyker en die vrou wat haar pakkamer leegmaak sodat die twee tantes en Pattie daar kan intrek toe mev. Abrahams hulle wegjaag
Nathan	Lorraine se tweede wit seunsvriend (Joods)
Haydee	Pattie se tweede meisievriendin in die Strand; die een wat haar aan rook bekendstel
Israel Friedman	Nathan se pa; eienaar van die huisies in South End waar Pattie en die tantes later gaan bly; sy winkel brand af
Gertie en Dyna	Vriendinne wat Pattie deur Haydee ontmoet
Miekie en Tiger	Twee seuns na wie Haydee verwys
Eerwaarde Bantjies & Mevrou Dominee	Eerwaarde vind vir Dorie toe sy wegloop van haar pa se huis; mevrou Dominee gee haar kos en laat haar bad by haar huis

Antie Anna en oom Kalie	Die familielede by wie Dorie gaan woon op Grabouw omdat sy nie meer by haar pa en sy nuwe vrou wil bly nie
Antie Mona	Pattie se stiefma
Paulkie	Ousus Kay se verloofde
Antie Maudie en oom Bob en antie Lizzie	Niggies van Maggie & Kitty en die een se man wat die Kersfeesdag by hulle aan huis kom kuier
Die Sneddons	Die eienaar van die speelgoedwinkel waar Pattie as student begin werk
Neville Dubow en Peggy Delport	Lektor in Ontwerp en lektrise in Grafiese Ontwerp onderskeidelik by die Michaelis Kunsskool
Leslie, Paul, Linda Aronson, Viv Helzinger, Paul	Studente by die Michaelis Kunsskool
Jamie	Manstudent met wie Pattie bevriend raak, maar hy verskuif na Stellenbosch omdat sy ma bekommerd is oor sy vriendskap met Pattie
Sonny	“Slams”; tweedejaarstudent by Kunsskool wat hom oor Pattie ontferm ná die taxi-episode
Maxie en Mevrou	Jamie se suster en sy ma

© Kwela. Toestemming word verleen om hierdie tabel te fotostateer.

Let wel: Vir sowel **AH-** as **AEAT-**leerders in Graad 11 is dit nie genoeg om te weet **WIE** die karakters in 'n roman is nie. Veel belangriker is die volgende:

- **Waarom** hulle in die roman is
- Watter **rol** hulle in die **gebeure** speel
- Watter **invloed** elk van die karakters op die hoofkarakter het
- Hoe elkeen **bydra** tot die **tematiese ontwikkeling** in die roman, al dan nie
- Hoe elkeen **bydra** tot die skep van **spanning** en/of **konflik** in die roman.

Aktiwiteit 6: Deurlopend – karaktersketse

AH	Geskik	**AEAT**	Geskik en 'n uitdaging

LU2 AS1, AS2

Leerders kan gerus aangemoedig word om 'n matriks soos op p. 49 vir elke **belangrike karakter** op te stel en die eindproduk in hul Portefeuljes te bewaar.

Let wel: Dit is nie 'n oefening wat tydens een lesuur gedoen kan word nie. Dit is 'n proses waarna telkens teruggekeer behoort te word tydens die lees van die roman. Die finale, voltooide karakterskets/-opsomming sal eers teen die einde van die roman voltooi kan word.

- Help die leerders telkens met die opstel van so 'n karaktertekening tydens die lees van die roman.

- Laat leerders gereeld in pare na mekaar se aangepaste vorms kyk.
- Laat leerders uiteindelik in groepe konsensus bereik oor elke karakter.
- Laat leerders die finale karaktertekening/-opsomming in hul Portefeulje plaas.

Karakter	
Waarom is die karakter in die roman?	
Watter rol speel die karakter in die gebeure?	
Watter invloed het die karakter op die hoofkarakter/newekarakters?	
Hoe dra hierdie karakter by tot die tematiese ontwikkeling in die roman?	
Hoe dra hierdie karakter by tot die skep van spanning/konflik in die roman?	

© Kwela. Toestemming word verleen om die matriks te fotostateer.

Aktiwiteit 7: Brosjure

AH	Geskik	AEAT	Geskik en ’n uitdaging

LU3 AS1, AS2, AS3

Vra die leerders om in groepe van vier tot ses ’n brosjure op te stel.

- Verduidelik aan leerders wat die doel, formaat en struktuur van ’n brosjure is.
- Pas die assesseringsmatriks vir ’n advertensie (Module 1) aan om ook vir die brosjure te gebruik.

> **Wenk**: Indien rekenaars beskikbaar is, kan dit gerus op die rekenaar gedoen word, deur ’n bestaande brosjure-formaat as ontwerpbasis te kies.

- Bespreek die vorm en inhoud van ’n brosjure.
- Wys voorbeelde van bestaande brosjures aan leerders.
- Vra leerders om die volgende te doen:
  - Verbeel jou dat jy soos Pettie na die Michaelis Kunsskool wil gaan ná matriek.
  - Stel ’n brosjure op soos dié wat jy hoop om van die universiteit te ontvang.
  - Maak ’n kopkaart voordat julle begin, waarin julle idees neer stip ten opsigte van aspekte waaroor julle wil skryf, bv. die lektore en watter vakke hulle aanbied; verpligte vakke en keusevakke; klasgeld; studentebedrywighede; waar die Kunsskool geleë is; motto van die Kunsskool, ens.



Aktiwiteit 8: Stamboom

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU3 AS1

- Vra leerders om ’n stamboom van hul eie familie te teken. Vra dat hulle begin by die geslag wat hulle self ken of geken het, d.w.s. ouers, grootouers of oorgrootouers, wat die geval ook al mag wees.
- Teken daarna saam met die leerders ’n stamboom van Pattie se familie, soos wat hulle in Hoofstuk 1–7 aan die leser bekendgestel is.

> **Wenk**: Maan die leerders om een geslag voor Pattie se ouers te begin, en die grootouers se blokkies leeg te laat tot later in die roman, wanneer hulle meer inligting sal kry.

Summatiewe assessering (1)

AH	Geskik	AEAT	Geskik en ’n uitdaging

Onderstaande summatiewe asseseringsoefening kan as ’n toets aan die leerders gegee word.

Toets 1 (Hoofstuk 3–7)
(Begrips-, insig-, romanmatige vrae en metataalvrae)

1. In watter standerd raak Pettie en Lorrain bevriend? (1)
2. Waaroor is Lorraine so selfversekerd? Wat sê sy vir Pattie? (1)
3. Waaroor is Kitty en Maggie baie vies? (1)
4. Wat gebeur tydens Lorraine-hulle se trek na ’n nuwe huis? (2)
5. Waarvan beskuldig antie Maggie vir Mevrou Abrahams tydens die gesprek in haar huis? (1)
6. Watter nuus kry Pattie oor haar pa, pas nadat sy en die anties gehoor het hulle kan nie meer in Mevrou Abrahams se agterkamers bly nie? (1)
7. Watter insident staan vir Pattie uit tydens haar vriendskap met Haydee? (1)
8. Wat gebeur met Pattie se suster Dorie in hoofstuk 5? (2)
9. Wat gebeur met Pattie se broer Stewie nadat haar ma dood is? (2)
10. Watter nuus hoor Pattie tydens die Kersvakansie van haar matriekjaar? (1)
11. Wat is Pattie se stiefma se naam? (1)
12. Watter soort werk kry Pattie tydens haar eerste jaar op universiteit? (1)

[15]

© Kwela. Toestemming word verleen om hierdie toets te fotostateer.

13. Watter soort verhouding bestaan daar tussen Pattie en haar stiefma? (1)
14. Watter ervaring beleef Pattie saam met haar pa tydens die eerste vakansie nadat hy weer getrou het? (2)
15. Is Pattie se eerste dag op universiteit 'n positiewe of negatiewe ervaring. Motiveer jou antwoord. (2)

[5]

Totaal: [20]

© Kwela. Toestemming word verleen om hierdie toets te fotostateer.

Memorandum

1. *Standerd ses*
2. *Oor die feit dat hulle kan maak asof hulle wit is/"Maak net asof jy wit is"*
3. *Oor Pattie se reguit hare*
4. *Lorraine se wit vriend, Peet, ry per ongeluk in oompie Spyker se kar vas/Peet besef dat Lorraine nie wit is nie, maar bruin*
5. *Dat sy nie nugter is nie ("is dit die bottel wat nou praat", p. 29) / dat sy dronk is*
6. *Dat haar pa weer gaan trou*
7. *Die afbrand van die meubelwinkel*
8. *Sy loop weg ná haar pa se troue met die nuwe vrou/sy gaan bly by haar oom en tante op Grabouw*
9. *Hy raak rebels en word in 'n nyweryheidskool geplaas*
10. *Dat haar suster Kay met Paulkie gaan trou.*
11. *Mona*
12. *Sy werk by 'n speelgoed- en stokperdjiewinkel*
13. *'n Afstandelike verhouding/nie 'n hegte verhouding nie/sy voel verwyderd van haar stiefma*

14. *Sy gaan saam met hom na 'n "hell driving"-geleentheid; hy het nie genoeg geld om hul toegangsgeld te betaal nie*
15. *Redelik negatief: sy dink die ander studente beskou haar as "meid"/bruin/nie hul gelyke nie; sy is laat, sy is nat gesweet toe sy by die klas aankom; sy is die enigste bruin student in die klas.*

MODULE 3
Die wêreld van die boek: milieu en tyd

Vooraf

Elke storie word in 'n spesifieke **milieu** en **tyd** geplaas. Dit beteken dat elke storie in sy eie afgebakende tydperk en teen 'n spesifieke agtergrond (geografies en sosiaal) geplaas word.

Ewe belangrik ten opsigte van tydperk en sosiale agtergrond, is die "taal" van die boek, d.w.s. die vertel**register**, oftewel die taalregister wat die verteller gebruik, sowel as die verskillende **spraakregisters** van die karakters.

Taal is die medium deur middel waarvan die storie vertel word, maar ook deur middel waarvan die wêreld van die storie geskep word, die tydperk aangedui word, die karakters aan ons voorgestel en geopenbaar word.

Aktiwiteit 1: Klasbespreking

AH	Geskik	AEAT	Geskik, maar 'n uitdaging op taalgebruiksvlak

LU1 AS1, AS2, AS3, AS4

Praat uitgebreid oor die volgende kwessies. Moedig leerders aan om hul eie standpunte te stel, dit te motiveer en te verdedig indien nodig.

- Pattie se pa se spraak/taalgebruik identifiseer hom feitlik onmiddellik as 'n Kaapse bruin man, aangesien hy in die tipiese spraakregister van die Kaapse bruin mense praat. In sy geval is taal dus tegelykertyd **karakteropenbarend** en ook 'n aanduiding van die **sosiale** en **geografiese milieu** waarin hy leef.

> **Wenk**: Met verloop van tyd kan die leerders op die **ironie** hierin gewys word. Pattie se pa, wat eintlik wit gebore is, maar gekies het om bruin te word ter wille van sy liefde vir Nel, Pattie se ma, praat soos 'n tipiese bruin mens. 'n Mens sou kon sê dat hy hom dus so volledig met sy nuwe identiteit vereenselwig het dat hy ook die spreekwyse as sy eie aangeneem het.

- Talle woorde in die teks, soos "tiekieboks", "'n tiekie wat bly vassit" en vele ander dui daarop dat die verteller haar vertelregister aanpas by die milieu van die boek, by die wêreld van die storie.

(Anders sou sy gepraat het van “munttelefoon” byvoorbeeld. Indien sy dit gedoen het, sou ’n mens kon sê dit is **anachronisties**, d.w.s. sy gebruik ’n konsep wat nog nie in daardie tydperk bekend was nie.)

- Pattie, die hoofkarakter, se direkte spraakregister verskil van dié van Pat, die verteller. Waar/Onwaar. Bespreek met talle verwysings uit die teks.

- In die eerste fase van die boek, waar van Pattie se kinderjare vertel word, word daar baie van **vergelykings**, **klanknabootsing**, **metafore** en **ander stylfigure** gebruik gemaak, terwyl daar heelwat minder voorbeelde hiervan in die laaste fase van die boek is. Waarom is dit moontlik so? Watter **effek** het die mildelike gebruik van stylfigure in ’n teks?

Tyd en ruimte in *Kroes*

In *Kroes* is dit gou duidelik dat ons te make het met die volgende tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, asook die verskillende geografiese ruimtes:

Tyd	Milieu
Aanvanklik: jare vyftig van die vorige eeu (afleiding: die eerste tydsaanduiding word op p. 18 gegee, wanneer Pettie 8 jaar of ouer is)	Aanvanklik Kaapstad, tot en met Pettie se ma se dood
1960: Verwoerd word in die gesig geskiet	Daarna die Strand
1966: Pettie is in matriek	Steeds die Strand
1967 (implisiet, want dit is Pettie se eerste jaar op universiteit, d.w.s. haar eerste jaar ná matriek)	Kaapstad (kampus van die Michaelis Kunsskool) en die Strand
1968: “Dis einde Januarie” (p. 73), d.w.s. ’n jaar nadat Pettie op universiteit begin het	Verskuif van die Strand na Johannesburg
Mei/Junie 1968: Dorie vertrek oorsee vier maande ná Pettie se aankoms (p. 77)	Johannesburg; tant Soes se losieshuis
Vroeg Desember 1968 (p. 86)	Johannesburg: Pettie werk as ’n bruin klerk
Mei 1969: Dorie keer terug ná amper ’n jaar oorsee	Johannesburg: Pettie het ’n nuwe werk as “wit mens”
Mei 1969: Dis bekend: Pettie het ’n wit kêrel	Johannesburg: Pettie bly aanvanklik by tant Soes, maar skuif dan na ’n woonstel in die “wit buurt” waar Laki woon
Junie 1969: Pettie en Laki help Kay om te trek na Pettie se nuwe woonstel in die wit buurt	Johannesburg: ’n “wit buurt”, Hillbrow
1969: Pettie besef sy is swanger met Laki se kind	Johannesburg

1969: Kitty sterf	Johannesburg
1969: Laki vra haar om te trou	Johannesburg
1969: Laki weet van die baba	Johannesburg
Winter 1969: Pattie verloor die baba	Johannesburg
Lente 1969: Stewie is siek	Johannesburg
Einde Augustus 1969: Laki se dood	Johannesburg

© Kwela. Toestemming word verleen om hierdie tabel te fotostateer.

Alhoewel die storie in Kaapstad begin en gou na die Strand verskuif, vind die grootste gedeelte van die **gebeure** in Johannesburg plaas. Dit is waar Pattie haar as volwassene bevind, en waar die grootste gedeelte van haar **lewensverhaal** afspeel.

Dit is egter ook belangrik om daarop te let dat **milieu** nie net wys op geografies gelokaliseerde ruimte nie, maar ook te make het met **sosiale en kulturele ruimtes**.

Wenk: Bogenoemde tabel kan gerus as basis van 'n begripsoefening gebruik word, soos in die voorbeeld van die Cloze-oefening hieronder. Vul dit egter gerus aan met verdere begrips- en insigvrae.

Aktiwiteit 2: Invuloefening en lees met begrip

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU2 AS1, AS2; LU3 AS1, AS2

Fotostateer die onderstaande tabel en vra die leerders om telkens die leë kolomme in te vul, soos met die lees van die roman gevorder word.

> **Wenk**: Hierdie aktiwiteit kan ook later in die jaar as 'n summatiewe assesseringstoets benut word.

Karakter	Verbintenis met Pattie
Mevrou Soes	(a)
Mandie Swanepoel	(b)
Gideon	(c)
(d)	Ou skoolmaat wat Pattie tydens haar eerste kuier in die Strand weer raakloop
(e)	Pattie se kamermaat ná Dorie se vertrek. Sy speel graag netbal.
Stotos Kyriakos	(f)

(g)	Hy verjaar op 29 Februarie.
Mev. Jackson	(h)
(i)	Sy is Pattie se hoof by haar eerste werk as klerk.
(j)	Hy is vernoem na Pattie se broer Stewie.
(k)	Kay se eerste werkgewers in Johannesburg
(l)	Hy verraai Laki en Patti aan die polisie.
Mev. Cohen	(m)
Gert Bantjies	(n)
(o)	Laki se broer
(p)	Hy doen 'n liefdesverklaring aan Pattie.
Peter & Irene	(q)
Koos, Katrien en kinders	(r)
Auntie Smiley	(s)
Dr. Io'annou	(t)

© Kwela. Toestemming word verleen om hierdie tabel te fotostateer.

Antwoorde

(a) eienaar van die losieshuis in Johannesburg waar eers Dorie en later Pattie woon

(b) Pattie se vriendin ná Dorie se vertrek oorsee
(c) Die barmhartige Samaritaan wat Mandie help met haar Mini toe dié breek, en met wie Mandie later trou
(d) Lettie Louw
(e) Fanny Geyer
(f) Eerste wit man wat Pattie en Fanny in Johannesburg fliek toe nooi
(g) Laki Pappasani
(h) Vrou van die Black Sash wat vir Pattie help met haar aansoek om herklassifisering
(i) Mev. Droese
(j) Faantjie, eintlik Stefanus, Kay se seuntjie
(k) Mrs Brown & Mrs Levine
(l) Panos
(m) Vrou by wie Kay 'n inslaapwerk kry
(n) Kosta
(o) Boytjie
(p) Vriende van Laki
(q) Boytjie se broer, sy vrou en kinders
(r) Boytjie se ma
(s) Dokter in hospitaal wat nuus aan Pattie oordra dat Laki dood is

Aktiwiteit 3: Verdere woordeskat

AH	Hersiening, inskerping	**AEAT**	Geskik en noodsaaklik

LU4 AS1

1. In *Kroes* word daar dikwels van Engelse woorde gebruik gemaak, omdat dit die spreektaal van die karakters weerspieël.
   - Moedig die leerders aan om goeie/aanvaarde Afrikaanse ekwivalente vir die volgende Engelse woorde wat in die teks gebruik word, te vind.

"surprised" (p. 8)
"important" (p. 8)
"second-hand car" (p. 9)
"funeral" (p. 11)
"very expensive" (p. 17)
"showgrounds" (p.18)
"aim" (p. 18)

2. Daar word ook dikwels in *Kroes* gebruik gemaak van woorde wat verafrikaans is, d.w.s. leenwoorde uit Engels, wat volgens Afrikaanse reëls gespel word / wat volgens uitspraak neergeskryf word.
   - Moedig leerders aan om die oorspronklike Engelse woord te identifiseer, en dan 'n goeie Afrikaanse ekwivalent te vind:

"koebaai" (p. 8)
"tiekieboks" (p. 9)
"laaik" (p. 17)
"olraait" (p. 18)

3. Daar is ook telkens voorbeelde in *Kroes* van woorde wat gespel word soos hulle uitgespreek word. Moedig leerders aan om die standaard- Afrikaanse ekwivalent te vind:

"vannie" (p. 9)
"sorre" (p. 13)
"virrie" (p. 13)
"hoge" (p. 15)
"djy" (p. 17)
"wiet" (p. 17)
"djou" (p. 17)
"nei" (p. 18)

Soortgelyke **woordeskat**-oefeninge behoort ten opsigte van alle hoofstukke gedoen te word.

Aktiwiteit 4: ’n Opsomming

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU2 AS1; LU3 AS1, AS2, AS3

1. Lees pp. 32–33 met die leerders.
   - Vra die leerders om die teks op hul eie deur te lees en die hoofpunte aan te dui.
   - Laat die leerders in pare die gemerkte hoofpunte vergelyk.
   - Laat die leerders in groepe ’n puntsgewyse opsomming van die insident maak.
   - Skryf die belangrikste gebeure in volsinne neer.
   - Volg die tydsorde van die oorspronklike teks.

Byvoorbeeld:

1. Lorraine nooi vir Pattie om haar by die Big Wheel/karnaval te ontmoet.
2. Pattie daag om sewe-uur op.
3. Lorraine is saam met ’n wit man op die Big Wheel.
4. Pattie is skaam vir Nathan.
5. Lorraine vertel dat Nathan se pa huise in South End besit.
6. Lorraine raai Pattie aan om haar tantes daarvan te vertel.
7. Nathan gee vir Pattie ’n aansoekvorm.
8. Lorraine nooi Pattie om langer te bly.
9. Pattie weier.
10. Sy sê die plek is net vir wit mense.
11. Dis die laaste keer dat Pattie vir Lorraine gesien het.

Aktiwiteit 5: Navorsingstaak

AH	Geskik	AEAT	Geskik en ’n uitdaging op taalgebruiks- en skriftelike vlak

LU1 AS2, AS3; LU3 AS1, AS2, AS3; LU4 AS1, AS2, AS3, AS4

Daar word in die teks talle verwysings gemaak na sake wat dalk nie vir die hedendaagse leerder so bekend is nie. Dit is egter deel van die wêreld van die boek, en as die leerders nie persoonlike kennis daarvan dra nie, kan daar gerus navorsingstake daaroor gedoen word.

- Leerders doen die navorsing in groepe van vier tot ses.
- Leerders lewer hul navorsingstaak skriftelik in.
- Leerders lewer mondelinge terugvoering oor die bevindings van hul navorsingstaak.
- Die skriftelike navorsingstaak word in leerders se portefeuljes bewaar.

> **Wenk:** Maak die leerders daarvan bewus dat daar skakeling is tussen wat hulle in die Afrikaansklas lees/leer en hul ander leerareas, hier veral Sosiale Studies.

- Die behuisingsprobleme in Suid-Afrika in die jare 1960–1970. Vergelyk dit met hedendaagse behuisingsprobleme.
- Lys die belangrikste Suid-Afrikaanse politieke partye van die jare 1960–1980 en bespreek hul verskillende houdings ten opsigte van die Nasionale Party se Apartheidsbeleid.
- Op p. 55 word daar gemeld dat Kay en Paulkie se huwelik “Christelik” was, en dat daar dus geen alkohol toegelaat is nie. Doen navorsing oor ten minste drie verskillende kulture in die hedendaagse Suid-Afrika se tradisionele houding ten opsigte van troues.

Aktiwiteit 6: Formele debatvoering

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU1 AS1, AS2, AS3, AS4

Hersien die basiese beginsels van debatvoering met die leerders en wys spesifiek weer op die volgende belangrike punte:

- Goeie voorbereiding moet gedoen word.
- Voorbereiding moet op skrif gedoen word (en in die leerder se portefeulje bewaar word).
- Geheuekaarte kan gerus gebruik word waarop hoofpunte van die argument neergestip word.
- Tydens 'n debat word daar beslis van mening verskil, maar dit moet altyd om die argument en nie die persoon gaan nie.
- Tydens die debat sal streng tyd gehou word.
- Leerders moet let op die tydhouer se tydsaanduidings en sy/haar argument afsluit wanneer die finale tydkaart gewys word.
- Punte sal afgetrek word vir 'n oorskreiding van die tyd.

Debatsonderwerpe

- Hell driving (p. 45) as sport: opwindend, of soek jy jou dood?
- 'n Mallemeule/karnaval (p. 32) as kindervermaak – pret, of net té gevaarlik?
- Die Wilkie-sirkus (p. 25) – 'n kitsgeldmaakresep, of 'n finansiële fiasko?

Aktiwiteit 7: Verdere gespreksonderwerpe in die klas

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU1 AS1, AS2, AS3, AS4

Gesels oor die volgende kwessies in die klas. Moedig leerders aan om hul eie menings uit te spreek, te motiveer en te verdedig, indien nodig. Die wêreld van die boek *Kroes* verskil nie regtig soveel van die lewe wat ons deesdae in Suid-Afrika ervaar nie . . .

Aktiwiteit 8: Voorbereide hardoplees en rolspel

AH	Geskik as inskerping	AEAT	Geskik en noodsaaklik

LU1 AS4; LU2 AS1, AS2

Gee spesifieke passasies uit die teks vir groepe leerders om tuis voor te berei vir hardoplees in die klas.

> **Wenk**: Kies gedeeltes wat geskik is vir groeplees en later rolspel, byvoorbeeld die ongelukstoneel op pp. 25–28; die Guy Fawkes-vieringe op pp. 188–190.

- Laat leerders in hul groepe die passasies **hardop lees.**
- Laat die ander groepe in die klas hul volgens ’n vooraf opgestelde assesseringsmatriks assesseer (**portuurassessering**).
- Laat die klas as geheel telkens die passassie **in konteks plaas**, d.w.s. waar dit in die teks voorkom, wat voor die tyd gebeur het, wat daarop volg, ens.
- Laat die leerders daarna die passasies **rolspeel**, d.w.s. hul eie woorde gebruik terwyl hul die situasie uitspeel.
- Vra die ander groepe om leerders se eie **taalgebruik te vergelyk** met dié in die teks.
- Leerders kan ook gevra word om in **dialoogvorm** hul rolspelstukke neer te skryf en in hul portefeuljes te bewaar.

MODULE 4
Hoe alles ineenskakel: temas en gebeure; spanning en konflik

Vooraf

In Hoofstuk 1–7 het ons kennis gemaak met Pattie se jongmeisielewe: vanaf 8 jaar oud, tot en met die einde van haar eerste jaar op universiteit.

Vanaf Hoofstuk 8 het ons te make met ’n meer volwasse Pattie. Sy verhuis na Johannesburg nadat sy nie haar eerste jaar van kunsstudie op universiteit geslaag het nie.

Sy vind, ná ’n lang soektog, werk as ’n klerk by ’n firma in Braamfontein. Sy woon saam met haar suster Dorie in ’n losieshuis. Vier maande ná haar aankoms in Johannesburg vertrek haar suster oorsee. Pattie is op haar eie; op haarself aangewese.

Belangrike temas in die roman

Dit is van die eerste bladsy af duidelik (eintlik reeds vanaf die leser se **voorafverwagtinge**!) dat die hooftema in hierdie verhaal te make sal hê met kleur, spesifiek die rassekwessie in die ou Suid-Afrika met die gewraakte apartheidsbeleid.

Die onderstaande tabel gee 'n eerste aanduiding van waar die spesifieke temas in die roman ter sprake kom.

> **Let wel**: Dit is nie 'n volledige tabel nie. Die onderwyser, saam met die leerders, kan dit gerus as vertrekpunt gebruik, en dit tydens die lees van die roman aanvul.

Tema	Subtema	Bladsyverwysings
Dood	Fisieke dood	pp. 7, 42, 114, 146, ens.
	Afskeid (simboliese dood)	p. 12, ens.
Kleurkwessie	Eerste bewustheid van	pp. 11, 15, ens.
	Oorbrugging van kleurgrense d.m.v. vriendskap, geloof, liefde	pp. 21, 64, 159, ens.
	Pattie se ervarings met wit mense	pp. 21, 22, 56–57, 58–61, 66, 76, 79, 82, ens.
	Politieke bitterheid onder bruin mense	pp. 50–51, 67, 94–95, 96, 97, 98, 126, 131, 134, 141, 160, 169, 171, ens.

	Pattie se eie ambivalensie ten opsigte van kleur	pp. 21, 57, 61, 64, 68–69, 70–71, 74, 84, 85, 86, 87, 89, 95, 104, 107, 109, 113, 118, 119, 130, 131, 132, 134, 136, 137, 142, 144, 163, ens.
Gulsigheid vs suinigheid		pp. 46–47, 148, ens.
Samesyn van families		pp. 49–50, 172, ens.
Ander temas		

© Kwela. Toestemming word verleen om die tabel te fotostateer.

Uit hierdie tabel word dit gou reeds duidelik dat die **hooftema** te make het met die **hoofkarakter** se ambivalente gevoel rondom **haarself** en die **hoofgebeure** in die roman, d.w.s. die hooftema handel oor Pattie se onsekerheid oor haar eie wese (wit of bruin), veral in terme van haar ontluikende verhouding met ’n wit man.

Die hooftema skep **spanning** in die verhaal as geheel, asook **interne** spanning vir die hoofkarakter. So, byvoorbeeld, sorg die spanning in die verhaal dat die leser wil aanhou lees. Die leser wil uitvind wat gaan gebeur:

- Gaan Pattie dit aanvanklik regkry om haar “wit te hou” toe sy en Lorraine strand toe gaan?
- Gaan die wit outjie aan haar kan “ruik” dat sy eintlik bruin is?
- Gaan die wit taxi-man bereid wees om Pattie na ’n bruin woonbuurt te neem?
- Gaan die vriendskap tussen Pattie en Jamie, die wit manstudent, toegelaat word om te ontwikkel?

- Gaan Sotos sy vriendskap met Pattie verbreek as hy uitvind sy is nie wit nie?
- Hoe gaan Laki reageer as hy moet uitvind Pattie is nie wit nie?
- Hoe gaan die tantes en Pattie se familie reageer as hulle uitvind sy het ’n wit mansvriend?
- Gaan die polisie vir Pattie en Laki arresteer as hulle voortgaan met hulle verhouding?
- Gaan Pattie se aansoek om herklassifikasie slaag?
- Gaan Pattie dit regkry om ’n keuse te maak tussen haar bruin familie en vriende, en Laki, wat in die oorwegend wit, kosmopolitiese wêreld van Johannesburg woon en werk?
- Gaan Pattie innerlike vrede kry oor haar nuwe wit identiteit?
- Gaan Boytjie ’n invloed hê op Pattie ten opsigte van haar bruin herkoms en haar nuwe wit status?

Dit word gou duidelik, tydens die lees van die verhaal, dat die **subtemas** (soos hierbo gelys) verder bydra tot die spanning in die verhaal.

Byvoorbeeld: Die tantes van die Strand, die bruin tweedejaarstudent by die kunsskool, oompie Spyker, oom Bob en ook Kay en Paulkie, spreek almal ’n mate van politieke verbittering uit. Die gevolg hiervan is dat Pattie, wat self nie sulke gevoelens koester nie, in **konflik** kom met haar familie. Hierdie konflik word tot ’n punt gedryf wanneer sy lief word vir Laki.

Die ander belangrike temas in die verhaal, naamlik dood en afskeid, die gelukkige samesyn van familie en gulsigheid vs suiningheid en ryk teenoor arm, speel almal saam in die skep van spanning en konflik en subtiele voorbereiding van die leser op die slot van die verhaal.

Aktiwiteit 1: Soeklees en herken

AH	Geskik	AEAT	'n Uitdaging

LU2 AS1, AS2

In Hoofstuk 11 ondergaan Pattie 'n **innerlike krisis** ten opsigte van haar aansoek om herklassifikasie.

- Die leerders soeklees deur die hoofstuk.
- Hulle merk alle aanduidings van Pattie se innerlike stryd.

Die onderstaande memorandum kan gefotostateer word nadat die leerders die oefening gedoen het.

p. 109	"Wil ek wit wees?"
p. 112	"Ek dink ons moet dit ernstig oorweeg om tog 'n rukkie te skei."
p. 113	"Sê nou ek wil nie . . . wit wees nie?"
p. 113	"Ek voel soos iemand wat oorlog toe gaan."
p. 116	"Drop the bomb."
p. 120	"Pretoria sloer steeds."

© Kwela. Toestemming word verleen om die tabel te fotostateer.

- Bespreek die volgende **beeldspraakvorme** met die leerders:
  - Is die **vergelyking** op p. 113, “Ek voel soos iemand wat oorlog toe gaan” ’n (a) gepaste en (b) geslaagde vergelyking?
  - Waarom kan die aanhaling op p. 116, “Drop the bomb” as ’n **metafoor** beskou word?
  - Watter soort **beeldspraak** kom voor in die aanhaling op p. 120, “Pretoria sloer steeds.”

Aktiwiteit 2: Kort boodskappe

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU3 AS1, AS2, AS3

Bespreek die kort styl van boodskappe wat deesdae moontlik is d.m.v. tegnologie, soos die e-posboodskap, kort teksboodskappe (SMS).

- Vra die leerders om hulle te verbeel dat hulle Pattie is, en ’n SMS aan Laki wil stuur om hom te waarsku dat sy die aand laat by die huis sal wees en dat hy hom nie hoef te bekommer nie.
- Vra die leerders om hulle te verbeel dat hulle Pattie se werkgewer is, en haar per e-posboodskap inlig dat sy nie meer verlof tot haar beskikking het nie.

Aktiwiteit 3: Verdere gespreksonderwerpe in die klas

AH	Geskik	AEAT	Geskik en ’n uitdaging op spraakvlak

LU1 AS1, AS2, AS3, AS4

Gesels oor die volgende kwessies in die klas. Dit kan óf as formele mondelingonderwerpe gegee word, óf kan as vertrekpunte vir verdere bespreking in die klas dien.

- Daar is baie mense in Suid-Afrika wat steeds dink soos wat Pattie se tantes oor wit en swart mense gedink het – en dis nie beperk tot wit mense nie; alle kleurgroepe het sulke mense . . .
- Kleurverskille is nie naastenby so erg of ontwrigtend soos geloofsverskille nie. Dink maar aan hoe moeilik dit vir Pattie was om na Laki se kerk te gaan waar sy niks van die taal of die gebruike verstaan het nie . . .
- Pattie was sedert haar vriendskap met Lorraine nie tevrede met haar lewe as bruin meisie nie. Sy wou wit wees . . .

Summatiewe assessering (2)
(Hoofstuk 8–12)

AH	Geskik	AEAT	Geskik en ’n uitdaging

1. Wat gebeur met Pattie ná Jamie se vertrek vanaf Ikeys na Stellenbosch?

2. Hoe verskil Pattie en Dorie se verhouding in Johannesburg van toe hulle kinders was in die Kaap?
3. Na watter bekende Suid-Afrikaner word daar in Hoofstuk 8 verwys? Wie was hy, en wat het hy gedoen?
4. Watter van die volgende redes wat na die stelling verstrek word, is ONWAAR? Stelling: Pattie sukkel om werk te kry in Johannesburg. Sy moet telkens die volgende verskonings hoor:
   (a) Jy het nie ondervinding nie.
   (b) Jy het nie 'n universiteitsgraad nie.
   (c) Jy is nie wit nie.
   (d) Jou werk is nie goed genoeg nie.
   (e) Hier is nie aparte toiletgeriewe vir bruin mense nie.
   (f) Jy kan nie tik nie.
5. Vul die ontbrekende woorde in:
   In Johannesburg beskou Pattie haar kuns nie meer as 'n loopbaan nie, maar as 'n (a)_____. Sy wil graag met (b) _____ op (c) _____ verf, maar kan dit nie beskostig nie. Daarom werk sy met houtskool en waterverf op karton.
6. Wie is Sotos? Watter inligting verneem ons later oor hom?
7. Waarom kan 'n mens sê Pattie was gelukkig dat Sotos haar na Laki se woonstel geneem het?
8. Watter subtiele aanduiding is daar in die teks dat Laki buitengewoon/ongewoon is?
9. Op p. 85 maak Pattie die stelling: "Dis 'n berg wat nog vir my voorlê." Waarna verwys sy? Waarom voel sy so daaroor?
10. Waarom kan 'n mens die volgende paragraaf as **simbolies** beskou?
11. "Ek kyk weer na die blokkiespatroon op die tafeldoek. Die een blokkie bruin, die ander wit en tussenin die strepie wat hulle skei."
12. Deel Laki Pattie se gevoel oor die afstand tussen wit en bruin? Waarom/waarom nie?
13. Pattie glo aanvanklik nie dat haar aansoek om herklassifikasie sal slaag nie. Sy karakteriseer haarself en Laki in negatiewe terme. Haal die twee terme aan.

13. In Hoofstuk 10 hoor Pattie dat die polisie vir Laki gesê het: "Ordentlike mans lol nie met coloured girls nie". Waarom kan dit as 'n negatief gelade stelling beskou word wat beide Laki, Pattie en hul verhouding beledig?
14. Pas die onderstaande uitsprake in Kolom A by die lys karakters in Kolom B:

	Kolom A: Aanhalings		Kolom B: Karakters
1.	"Die donnerse wit mense, hulle het hom doodgemaak." (p. 95)	A	Pattie
2.	"Julle vloek die wit mense, maar is ons bruin mense nie almal bietjie wit nie?"(p. 95)	B	Dadda
3.	"Die wit man moet die bruin man vloek, maar die bruin man, hy vloek die swart man." (p. 98)	C	Laki
4.	"White as snow was jou oupa, met blue eyes nogal." (p. 101)	D	Kitty
5.	"Hy lyk mos wit. Werk jy vir hom?" (p. 105)	E	Kay

Memorandum

1. *Sy raak weer inkennig.* *(1)*
2. *Hulle is nader aan mekaar / is goeie vriende, terwyl toe hulle kinders was, het hulle min met mekaar te doen gehad.* *(1)*
3. *Chris Barnard. Hy het die eerste hartoorplanting in die wêreld gedoen.* *(2)*
4. *(b), (d) en (f)* *(3)*
5. *(a) stokperdjie, (b) olie, (c) doek* *(3)*
6. *Hy is 'n Griek; hy is die eerste man in Johannesburg wat Pattie en haar vriendin uitnooi na 'n fliek; hy is die een wat haar aan Laki voorstel. Later hoor ons dat hy terug*

is na Cyprus, dat Laki nie dink hy is 'n goeie mens nie, dat dit sy gebruik was om meisies te bevriend en hulle dan by ou Griekse mans af te laai en te verdwyn. *(3)*

7. *Hy het gewoonlik die meisies wat hy bevriend het, na ou Griekse mans geneem vir die nag.* *(1)*
8. *Hy verjaar op Skrikkeldag, 29 Februarie.*
9. *Sy verwys na die feit dat sy nog haar tantes moet vertel dat sy en Laki 'n verhouding het. Sy weet hoe haar tantes oor wit mense voel (en ook oor bruin mense wat nie "hulle plek ken nie"). Sy vrees dus hul reaksie op haar nuus.* *(2)*
10. *Dis 'n aanduiding van die situasie tussen Pattie (bruin) en Laki (wit) en die apartheidswette wat hulle uitmekaar hou.* *(2)*
11. *Nee. Hy is 'n Griek en glo nie in kleurverskille nie, net in mense en gelykheid en liefde.* *(2)*
12. *"immigrant" en "second-class citizen"* *(2)*
13. *Die implikasie is eerstens dat Laki nie "ordentlik" is nie, want hy het 'n verhouding met 'n bruin meisie; tweedens dat Pattie nie goed genoeg is vir 'n ordentlike mens nie, omdat sy bruin is; derdens dui die woord "lol" daarop dat ordentlike mans nie verhoudings met bruin meisies sal wil hê nie, net seks.* *(3)*
14. *1D; 2A; 3C; 4B; 5E* *(5)*

[30]

MODULE 5
Konflik, spanning en kulminasie

Innerlike konflik

Pattie se innerlike konflik kom tot 'n hoogtepunt in die fase nadat sy hergeklassifiseer is as wit. Skielik weet sy nie meer of dit is wat sy werklik wou gehad het nie. Faktore wat haar innerlike konflik aanvuur, kan gelys word as:

- Vrees oor wat haar tantes en die res van haar familie sal sê oor (a) haar verhouding met 'n wit man, (b) haar herklassifikasie as wit
- Vrees oor Laki wat nie gaande is oor haar hele familie en sommige van haar vriende nie
- Onsekerheid oor hoe sy kontak met haar familie sal kan behou nadat sy en Laki getroud is
- 'n Gevoel van vreemdelingskap in Laki se kerk (sy verstaan nie die taal of die gebruike nie en het 'n hegte band met haar eie kerk)
- 'n Onuitgesproke vrees dat Laki haar dalk nie lief genoeg het nie
- 'n Vrees om vir hom te sê dat sy swanger is, omdat sy meen hy dan gedwing sal voel om met haar te trou, of alternatiewelik: dat hy haar dan sal los, soos wat baie wit mans gedoen het as hul bruin meisies swanger raak (haar ma was immers 'n voorbeeld daarvan)

Spanning

Die opbou van spanning in die verhaal hang ten nouste saam met die verhouding tussen Pattie en Laki en Pattie se onsekerheid daaroor. Afgesien van Pattie se innerlike konflik oor die verhouding, is daar ook talle eksterne faktore wat bydra tot die opbou van spanning:

- die voortdurende stremming op die verhouding as gevolg van die sg. "Immorality Act", wat verhoudings oor kleurgrense verbied het;
- die stremming wat geskep word toe Pattie, ten spyte van die soge-

naamde Groepsgebiedewet, wat verbied het dat bruin en swart mense in wit gebiede woon, na Hillbrow verhuis om nader aan Laki te wees;

- die uitgerekte proses van aansoek doen om herklassifikasie en die groot onsekerheid oor die uitslag;
- die eerste onsuksesvolle aansoek, die navorsing na haar eie familie se moontlike rassevermenging, en die tweede aansoek wat sloer;
- die klopjag wat die polisie op Laki se woonstel uitvoer;
- die tante se openlike afkeer van Laki en moedswillige aandrang om byvoorbeeld agterop die bakkie te ry;
- die toetrede van Boytjie tot die verhaal – 'n moontlike tetragonis, oftewel die derde hoek van die liefdesdriehoek ('n mens sou kon sê die feit dat Laki nooit besef dat Boytjie 'n potensiële opponent is nie, neem spanning weg uit die verhaal, maar omdat die leser tog in 'n stadium vrees dat Pattie eerder vir Boytjie sal kies net omdat hy bruin is, skep myns insiens genoeg spanning);
- die verdere toetrede van Boytjie se ma tot die verhaal, iemand wat Pattie eien as een van "my mense", d.w.s. iemand tot wie sy groot toegeneentheid voel en wat haar laat tuis voel in haar nederige maar gelukkige huis;
- Laki se openlike afkeer van Lettie en Gert;
- Laki se aanvanklike afkeer van Maggie;
- Laki se onvermoë om Pattie se intense verknogtheid aan haar mense te verstaan.

Kulminasie

Stap vir stap bou die spanning op. Telkens word dit effens afgelos, maar daar is 'n steeds stygende lyn teenwoordig, want die leser glo – soos Pattie – dat dit haas onmoontlik sal wees vir haar om te kies tussen haar familie en Laki, want dít, so wil dit toenemend vir die leser lyk, is die werklike krisis waarmee sy worstel.

Talle kleiner hoogtepunte word in die verhaal bereik, maar hulle is soos laer bergspitse wat almal na die uiteindelike Everest lei:

- Pattie se vrees dat Laki haar sal verlaat as hy moet uitvind sy is wit, word verkeerd bewys – hy gee werklik nie om watter kleur sy is nie.
- Maar dit word gevolg deur 'n erger krisis: die polisie is op hulle spoor . . .
- Hul plan om die polisie te uitoorlê deur te maak asof hul verhouding verbreek is, lyk aanvanklik geslaagd.
- Maar dan word hulle deur een van Laki se Griekse kennisse verraai (uit jaloesie omdat Laki vir Pattie bo dié se dogter verkies).
- Pattie se vrees oor haar swangerskap word tot 'n hoogtepunt gedryf, maar dan net om te besef dat Laki haar nooit oor die baba sou verwerp nie – hy openbaar eintlik werklike insig in haar wese deur te vra dat hulle tog die doodgebore babatjie sien, sodat dit vir haar 'n realiteit kan wees en sy kan rou daaroor.
- Pattie se vrees oor haar tantes se reaksie teenoor Laki word uiteindelik ook besweer, deurdat Laki self met sy goedheid en vrygewigheid daarin slaag om Maggie se guns te wen.
- Die spanning oor die aansoek om herklassifikasie word skerp geskets, veral omdat die eerste aansoek onsuksesvol is, en die tweede eers goedgekeur word nadat albei in hegtenis geneem is.
- Pattie se innerlike konflik word tot 'n hoogtepunt gedryf wanneer Boytjie 'n liefdesverklaring aan haar doen, en sy besef dat sy ten spyte van haar vrees oor die integrasie in die wit wêreld, bereid is om die kans te waag omdat sy lief genoeg is vir Laki.
- Die werklike skok van die verhaal – en gevolglike katarsis in Pattie – vind egter in die heel laaste hoofstuk plaas, wanneer Pattie eers intense verligting voel omdat sy glo Laki is nie ernstig beseer in die ongeluk nie, net om te besef hy lyk so rustig en stil omdat hy dood is.
- Dit is dan Laki se dood wat Pattie tot volkome inkeer dwing; om die volle omvang van haar verlies te besef, en te moet saamleef met die wete dat sy indirek 'n aandeel daarin gehad het dat sy en Laki nie vroeër getroud is en wel huweliksgeluk kon smaak nie.

Aktiwiteit 1: Klasbespreking: Voorafverwagtinge vs eindkennis

AH	Geskik	AEAT	Geskik

LU1 AS1, AS2, AS3, AS4; LU2 AS2

Gaan terug na die heel eerste transparant wat tydens die behandeling van Module 1 gemaak is, naamlik die een oor Voorafverwagtinge.

- Gaan saam met die leerders deur die lys van voorafverwagtinge en bespreek in watter mate dit deur die teks gerealiseer is, al dan nie.

Aktiwiteit 2: Klasbespreking en skryfoefening

AH	Geskik	AEAT	Geskik, maar uit-dagend op spraakvlak

LU1 AS1, AS2, AS3, AS4; LU3 AS1, AS2, AS3

- Gesels oor die proses van **karakterontwikkeling** wat in Pattie plaasgevind het, met spesifieke verwysing na die herhalende rympie wat sy vanaf haar universiteitsdae telkens in oomblikke van spanning in haar kop hoor:

  Jy's 'n meid
  Jy's 'n meid,
  Jy word weggesmyt! (p. 71 en 87)

Jy's 'n meid, jy's 'n meid!
Jy word weggesmyt!
En nou's jy met die lyf.
Kroes kalf, kroes kind,
Waar gaan jy jou vrede vind? (p. 128)

Die meid is vrek, die meid is vrek,
Daar's 'n wit vrou in haar plek.
Hoera! Hoera! Hoera! (p. 184)

Ek bly die meid! Ek bly die meid!
Nou's die tyd om my weg te smyt! (p. 250)

- Moedig die leerders aan om hul eie gedagtes na aanleiding van die klasbespreking neer te skryf in 'n kort skryfstuk van 180–200 woorde. Stel dit aan hulle dat die kort skryfstuk die volgende behoort te bevat:
  - 'n kort omskrywing van die begrip "karakterontwikkeling"
  - 'n plasing in konteks van die vier kere dat die rympie in die teks aangehaal word
  - verduideliking waarom dit elke keer daar geplaas is
  - verduideliking waarom die rympie verander
  - 'n moontlike mening waarom daar NIE in die laaste hoofstuk sprake is van die rympie nie

> **Wenk:** Hierdie oefening kan as 'n tuiswerkopdrag gegee word, met 'n bespreking in die opvolgles en groepassessering van mekaar se kort skryfstukke na aanleiding van 'n rubriek wat volgens die kenmerke hierbo opgestel word.

Aktiwiteit 3: Klasbespreking en navorsingsoefening

AH	Geskik	AEAT	Uitdaging

LU1 AS1, AS2, AS3, AS4

- Gee aan leerders die agtergrond van die feit dat Afrikaanssprekende leerders in die vorige onderwysbedeling nie net Afrikaanse literêre tekste nie, maar ook Nederlandse tekste in die laaste twee skooljare bestudeer het.
- Wys leerders op die agtergrond van die roman *De kleine Johannes,* wat telkens in die roman *Kroes* aangehaal word, of, as leerders toegang tot rekenaars en die internet het, vra dat hulle self **navorsing** hieroor doen.
- Vra die leerders om in groepbesprekings te probeer bepaal watter temas in die aanhalings uit *De kleine Johannes* skakel met temas in *Kroes*, bv.

1. *O, domme Johannes! Als een kindermeid een onnoozel kind met vuur laat spelen en het brandt zich, wie heeft dan schuld? Het kind dat geen vuur kende, of de meid die wist dat het kind zich branden zou?* (p. 125)
2. *Aan het einde herkende Johannes den duisteren Dood.*
   "I ken u! Ik ken u!" zeide Johannes. (p. 282)

Antwoorde

1. *Pattie se eie interpretasie van die eerste aanhaling uit Frederik van Eeden se roman,* De kleine Johannes*, dui daarop dat sy haarself vergelyk met die "kindermeid", oftewel die kinderoppasster, die een wat reeds kennis van vuur het, wat weet dat dit kan brand,*

terwyl sy Laki gelykstel aan die kind ("onnoozel kind") wat geen kennis of insig het nie. Hierdie aanhaling skakel met die kleurkwessie in die roman, veral met Pattie se innerlike konflik oor haar verhouding met Laki.

2. *Die tweede aanhaling, wat Pattie maak tydens Laki se begrafnis, skakel met die tema van dood en afskeid, en dui daarop dat sy haar nou aan Johannes (die kind) gelykstel – die een wat van "onnoozel", d.w.s. oningeligte kind gegroei het tot een met insig en kennis van die dood en afskeid.*

Aktiwiteit 4: Klasbespreking

AH	Geskik	**AEAT**	Geskik, maar uitdagend op spraakvlak

LU1 AS1, AS2, AS3, AS4; LU2 AS1, AS2

Op die heel laaste bladsy van die roman staan die sin: "Die kringloop is voltooi" (p. 283). Dit is in meer as een opsig insiggewend. Wys leerders op die volgende:

- Die roman het begin met 'n sterfgeval en begrafnis (Pattie se ma s'n) en eindig ook nou met een (Laki s'n).
- Ná die eerste begrafnis gee Pattie se pa haar weg aan haar tantes; ná die laaste begrafnis nooi hy haar "Vat my hand" (p. 283), wat dui op versoening, 'n terugnooi na hom.

Aktiwiteit 5: Voorbereide mondeling en skryfwerk

AH	Geskik	AEAT	Geskik, maar uitdagend op skriftelike en spraakvlak

LU1 AS2, AS3, AS4; LU3 AS1, AS2, AS3; LU4 AS1

1. Pattie het in haar lewe met heelwat dood en verlies te make, maar ook direk en indirek met padongelukke en geweld, bv. die motorongeluk tydens Pearl Cupido se trek (direk); die motorongeluk waarin sus Kay se man Paulkie dood is (indirek); die aanval waarin broer Stewie ernstig verwond word (indirek).
   - Gesels met die leerders oor die invloed van geweld op individue en 'n samelewing.
   - Vra die leerders om uit persoonlike ervaring (a) te skryf oor al die gevalle van ongelukke of geweld waarmee hulle direk en indirek te make gehad het, en (b) dan mondeling daaroor te gesels in die klas.
2. Pattie is Afrikaans, maar gaan na 'n Engelse kerk. Sy voel tuis daar en put geestelike voeding uit die kerkbywoning. Laki woon die Griekse kerk by, maar hy glo die kerk gaan oor geld en politiek, terwyl God liefde is. Hy maak dus 'n onderskeid tussen geloof en aanbidding/kerkbywoning.
   - Moedig die leerders aan om te gesels oor hul sienings van geloof/kerke/aanbidding, ens.

Wenk: Maak dit vanuit die staanspoor duidelik dat dit 'n sensitiewe onderwerp is en dat dit nie geduld sal word dat leerders mekaar se sienings minag, verkleineer of met disrespek behandel nie.

3. Pattie ervaar veral ’n innerlike vrede in die kerk wanneer een van haar gunsteling- gewyde liedere gesing word.
   - Moedig leerders aan om in groepe enige gewyde lied (verkieslik een wat hul werklik raak of inspireer) voor te berei en in die klas te kom voorsing, of, indien dit op CD/kasset beskikbaar is, te kom voorspeel.
   - Moedig leerders aan om te verduidelik waarom die lied vir hulle besondere betekenis het.

Wenk: Geloof is ’n baie sensitiewe kwessie. Plaas daarom verkieslik leerders van ooreenstemmende geloofsoortuiginge in dieselfde groepe. Indien daar leerders is wat hoegenaamd nie tot enige geloofsgroep behoort nie, kan hulle enige lied (dalk selfs ’n politieke lied, soos die Nasionale volkslied) kies, of enige ander lied wat werklik vir hul betekenis het.

Aktiwiteit 6: Skryf van ’n resensie

AH	Geskik	AEAT	Uitdaging

LU3 AS1, AS2, AS3

Praat oor boekresensies: waarom hulle geskryf word; wie dit gewoonlik skryf; wie die teikengehoor is, ens. Praat ook oor die tipiese formaat en lengte van ’n resensie.

- Gee aan leerders ’n verskeidenheid boekresensies om te bestudeer in groepe/pare.
- Skryf die tipiese kenmerke van ’n resensie op die bord/transparant, soos wat die terugvoering uit die klas gegee word.

- Vra leerders dan om individueel ’n resensie oor die roman *Kroes* te skryf.
- Wees spesifiek oor wie hul teikengehoor sal wees: die gewone leser (nie akademies nie); mense wat die brieweblad in die koerant lees; hul eie ouderdomsgroep.

Aktiwiteit 7: Brief aan die skrywer

AH	Geskik	**AEAT**	Geskik

LU3 AS1, AS2, AS3

Skrywers kry selde werklik terugvoering oor hulle boeke – daar is miskien ’n paar resensies in ’n koerant, maar die ware lesers se menings hoor hulle bitter selde.

- Vra die leerders om ’n werklike brief aan die skrywer Pat Stamatélos te skryf.
- Adresseer die brief aan die skrywer, maar per adres die uitgewer Kwela (adres van Kwela is voor in die Onderwysersgids te vinde).
- Vra die leerders om so eerlik moontlik te skryf oor hoe die roman hulle geraak het, hulle laat voel en laat dink het (maar maan hulle om tog in gedagte te hou dat alle skrywers sensitief is oor hulle boeke, wat soms soos kinders vir hulle is!).
- As die leerders enige vrae het vir die skrywer, kan dit gerus ook in die brief gevra word.
- Stuur dan al die briewe per adres die uitgewer aan die skrywer!

Summatiewe assessering (3)
(Hoofstuk 14–28)

AH	Geskik	AEAT	Geskik, plek-plek uitdagend

1. Op p. 144 word ’n aanhaling uit ’n koerant gegee. Die woorde is dié van Helen Suzman, ’n politikus wat sterk gekant was teen apartheid: “This law belongs to the day of witch-burning and the stocks. It leads to suicides, tragedy and broken homes . . . ”
   a) Waar en waarin lees Pattie hierdie woorde?
   b) Na watter wet verwys Helen Suzman hier?
   c) Wat is die implikasie van die eerste sin? Tot watter tydperk, volgens Suzman, behoort hierdie wet?
   d) In watter mate sluit die tweede sin aan by temas in die roman *Kroes*?
2. Toe tant Maggie van Kitty se dood hoor, sê sy: “Sy moes nie hospitaal toe nie”. Watter ander gebeurtenis word deur haar woorde opgeroep?
3. “We buy coat, that is all.”
   - Wie se woorde word hier aangehaal?
   - Wat is die situasie waarin dit gesê word?
   - Watter karaktereienskap openbaar die persoon deur dit te sê? Verduidelik jou antwoord.
4. “Die wet sê wittes en bruines mag nie saam drink nie.” (p. 159)
   - Na watter wet word hier verwys?
   - Wie se woorde is dit?
   - In watter situasie word die woorde uitgespreek?
   - Wat is die aanhoorder van die woorde se reaksie?
5. Op p. 190 vra Pattie haarself af wie nou eintlik haar mense is. Noem een karakter wat sy duidelik eien as een van “haar mense”.

6. Pattie vereenselwig haar in die laaste hoofstuk met die karakter Johannes uit die roman *De kleine Johannes* wat die dood ken. Pattie het 'n hele paar mense baie na aan haar aan die dood afgestaan en verloor. Noem vier.
7. Laki openbaar veral een karaktertrek in terme van Pattie se familie. Beskryf dit in een volsin.

Memorandum

1. *a) In die trein in 'n ou bruin man se koerant (2)*
   b) Vermoedelik die "Immorality Act" (1)
   c) Die woorde "witch-hunting" en "stocks" verwys na Middeleeuse gebruike (1)
   d) Hoewel daar nie 'n selfmoord in die roman is nie, veroorsaak die wet dat Pattie en Laki 'n hele ruk lank 'n baie stresvolle verhouding het; dat daar onenigheid in Pattie se familie kom en die "tragedy" waarna verwys word, word waar vir Pattie, omdat sy uit vrees vir reperkussies hul troue uitgestel het, en sy toe die tragedie van Laki se dood moet verwerk. (2)
2. *Pattie se eie ma se dood in die hospitaal ná net een dag – ook sy wou nie hospitaal toe gaan nie, omdat sy geglo het sy sal daar doodgaan. (1)*
3. *Laki. Hy sê dit ten opsigte van Maggie, wat 'n jas nodig het vir Kitty se begrafnis. Dit dui op vrygewigheid. Hy weet Maggie hou nie van hom nie, maar hy is steeds bereid om haar te help. (3)*
4. *a) Immorality Act*
   b) Pattie s'n
   c) Sy sê dit nadat Laki vir haar 'n tjek van 'n duisend rand wys en vra of sy nog wil trou.
   d) Hy sê sy moet die stories van wit en bruin los; God is liefde en maak almal een in liefde. (4)
5. *Boytjie se ma, auntie Smiley. (1)*

6. *Pattie se ma, haar tante Kitty, haar en Laki se baba, Laki.* *(4)*
7. *Laki se belangrikste karaktertrek is moontlik sy vrygewigheid teenoor Pattie se familie, maar 'n antwoord wat betrekking het op sy aanvaarding van haar familie is ook aanvaarbaar.* *(1)*

[20]

Woordelys

Met voorbeelde uit die teks

afgeleide betekenis	– die skep van betekenis uit wat geïmpliseer word om 'n nuwe begrip te vorm; dit wat tussen die reëls staan, *bv. toe Pattie die "boggel" onder die hospitaalkombers sien, weet sy haar ma het vir die dokter gesê van haar seer voet. (p. 10)*	**aflei**	– 'n oordeel vorm uit wat vooraf gegee is of gebeur het, *bv. Uit Dadda se spraak kan ons aflei hy is 'n Kaapse bruin man*
akronieme	(letterwoorde) – afkortings wat soos woorde optree; word uitgespreek as 'n woord, gevorm deur die eerste letters van ander woorde, *bv. Soweto vir South Western Townships of vigs vir verworwe immuniteitsgebreksindroom*	**aktiewe luister**	– wanneer 'n mens aandagtig luister na wat iemand sê en probeer om jouself in die spreker se posisie te plaas, *bv. tydens Aktiwiteit 2, Module 1*
alliterasie	– herhaling van dieselfde beginletters (medeklinkers/konsonante) in beklemtoonde lettergrepe; 'n algemene stylmiddel, *bv. "As dit 'n doubledekker bus is, moet die bruin mense bo gaan sit" (p. 15)*	**antiklimaks**	– die omgekeerde van klimaks; onverwagte teleurstellende uiteinde, afloop; ommeswaai van iets belangriks na iets nietigs, gewoonlik met 'n komiese effek, *bv. die afloop van die ongeluk met Oompie Spyker se kar tydens Pearl se trek (pp. 25–28)*
antitese	– teenstelling van gedagtes wat uitgedruk word deur parallelisme wat skerp teenoor mekaar staan, *bv. hoe meer haas hoe minder spoed*	**antoniem**	– woorde wat min of meer die teenoorgestelde betekenis van ander woorde uitdruk, *bv. kurkdroog en sopnat*

assessering	– 'n deurlopende beplande proses van inligtingversameling op verskillende maniere oor leerderprestasie en uitgevoer volgens die assesseringstandaarde	**assessering-standaard**	– kriteria gebruik om 'n uitkoms te assesseer *bv. die assesseringsrubriek vir die skep van 'n advertensie*
assonansie	– herhaling van klinkers of vokale in beklemtoonde lettergrepe in twee of meer woorde, *bv. Jy's 'n meid / Jy's 'n meid / Jy word weggesmyt*	**beeld**	– 'n prent of visuele voorstelling
beelding	– ook figuurlike taal; woorde wat beelde (in konteks/sinsverband) in die gedagtes oproep; sluit implikasieverskynsels in	**beeldspraak**	– taaluiting wat van figuurlike, oordragtelike taal gebruik maak, *bv. vergelykings, metafore, personifikasie*
beklemtoning	– die klemtoon lê op, aksentueer, benadruk, *bv. "Dammit!" sê hy hard. (p. 70)*	**beurtnemings-konvensies**	– die gebruike wat die vloei van gesprekke tussen mense reguleer soos om ander toe te laat om 'n opinie te gee, stiltes te hanteer, inligting te herhaal vir duidelikheid, aan te moedig waar gepas, te vra vir duidelikheid, inligting te verskaf, tussenbeide te tree om fokus te herstel, *bv. in alle mondelinge situasies in die klas*
cliché	– afgesaagde, verslete beeldspraak; hol-ruggeryde uitdrukking of idee wat so dikwels gebruik word dat dit uitdrukkings-krag verloor, *bv. " . . . 'n stuiwer in die armbeurs te gooi" (p. 58)*	**denotasie**	(teenoorgestelde van *konnotasie*) – dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van 'n woord of uit-drukking

diskoers	– spraak, langer as een konvensionele sin en wat verbande lê; 'n formele term vir praat of 'n gesprek	**diskriminerende taalgebruik**	– taal wat kwessies met onderskeid behandel, bv. om manlike terme vir alle persone te gebruik, *ook woorde in die teks soos "meid" (p. 57) en "Coloured girls" (p. 93)*
dramatiese doelstelling	– om 'n spesifieke reaksie by die toeskouer/leser te ontlok, *bv. "'Die meid begin goed,' sal hulle vir ma en pa sê." (p. 57) – sodoende wys die skrywer hoe sy dink die wit studente haar beskou.*	**dramatiese ironie**	– 'n vorm van kontras – die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser/toeskouer/ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontlont) spanning, genot en gehoordeelname, *bv. wanneer die leser weet Pattie is swanger, maar Laki nie (p. 143)*
dubbelsinnigheid	– tweërlei betekenis geskep deur die manier waarop woorde of sinne gebruik word; meer as een betekenis of vertolking hê. Wanneer dit onbewus gebruik word, kan dubbelsinnigheid betekenis versluier.	**eksplisiet**	– (in teenstelling met *implisiet*) – betekenis wat duidelik of direk gestel word
essay	– korter prosageskrif waarin 'n literêre, estetiese, politieke of sosiale probleem op kernagtige wyse behandel of bespreek word; krities en bespiegelend van aard; kan 'n gesprektoon hê; taal en styl is helder, duidelik en logies, dikwels vol humor	**esteties**	– betreffende die skoonheidsin; staan in verband met sensitiwiteit en waardering vir die skone soos die skoonheid van taal of die blywende waarde van tekste

eufemisme	– versagtende uitdrukking of omskrywing; verbloeming; word gebruik om nie gevoelens seer te maak nie, *bv. "Ek is met die lyf" (p. 133) = swanger; "lang vingers hê" (p. 19) = steel*	**figuurlike taal**	(teenoor *letterlike taal*) – sinnebeeldig, metafories, oordragtelik; woorde en frases wat gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik soos vergelykings, personifikasie, metafoor. Literêre tekste maak baie van figuurlike taal gebruik.
formaat	– die vorm van tekssoorte soos 'n verslag, brief; ook grootte van iets, *bv. by die ontwerp van 'n advertensie (Aktiwiteit 4, Module 1) en brosjure (Aktiwiteit 7, Module 2) is formaat baie belangrik*	**gebaar**	– die beweging van die gesig of liggaam wat betekenis kommunikeer soos om die kop ter bevestiging te knik, of *bv. mev. Jackson se reaksie op p. 132: eers lag sy, toe skud sy Pattie se hand, toe omhels sy haar en toe eers praat sy.*
geestigheid	– oorspronklike, verrassende, lagwekkende, grappige uitdrukking, *bv. Haydee se opmerking oor hoe die ander rook: "Djulle roek almal so mettie langbek!" (p. 36)*	**geïmpliseerde betekenis**	– betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie
genre	– 'n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale/folklore	**gepastheid**	– taal moet gepas wees vir die konteks waarin dit gebruik word. Die groetwyse "Goeiedag, mnr. Vosloo" is gepas in 'n formele situasie, teenoor "Hello, Vossie" vir 'n informele situasie.
gevoelstaal	(ook emosionele taal) – taal en styl wat persoonlik is; sterk gevoelens wek; teenoorgestelde van nugtere, saaklike taal, *bv. "Daai wit Hollander is nou vrek" (p. 51) = druk sterk negatiewe gevoel uit teenoor Hendrik Verwoerd*	**grafiese voorstelling**	– produkte van die visuele en tegniese kunste soos teken, ontwerp; lewendig beskrywende, skilderende voorstelling, *soos Pattie beskryf in Hoofstuk 6 wanneer sy van die kunsskool vertel, en wat toegepas moet word in die aktiwiteite waar 'n advertensie en brosjure ontwerp moet word*

groeptaal	– variëteit van 'n taal wat deur 'n bepaalde groep mense soos boere, vissers, fabrieks-werkers, studente, tieners gepraat word, en dit van die algemene taal onderskei deur onder andere uitdrukkings en betekenisverskille, *soos talle voorbeelde in die teks wanneer Pattie se mense onder mekaar in hul eie groeptaal gesels*	**hiperbool**	– 'n stylfiguur waarin buitensporige, doelbe-wuste oordrywing gebruik word; om iets groter as wat dit werklik is, voor te stel, *bv. "Sy karretjie is so hoog gelaai, dit lyk soos die toring van Babel" (p. 25)*
holistiese benadering	– dit is 'n benadering wat al die vaardig-hede en verskillende soorte kennis in aktiwiteite integreer en nie op elkeen afsonderlik fokus nie	**houdings**	– maniere van optrede of gedrag, *bv. Kay se houding teenoor oompie Spyker wanneer hy probeer aanlê by haar verloofde, Paulkie (p. 53)*
huistaal	– die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en/of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal "waarin 'n mens dink"	**idiomatiese uitdrukking**	– 'n uitdrukking wat die idioom of taaleie betref, volgens die taaleie; idiome sluit in spreekwoorde, segswyses, gesegdes en spreuke, *bv. "van bakboord na stuurboord stuur" (p. 60) en vele ander in die teks*
implisiet	(teenoor *eksplisiet*) – dit wat nie direk in 'n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word	**inklusiwiteit**	– die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem
intonasie	– vloei van die stem by praat, stembuiging	**intrige**	– verwikkelde situasie wat 'n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwik-keling)

ironie	– woordgebruik waarmee 'n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde sê van wat 'n mens sou verwag	**karikatuur**	– 'n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van 'n karakter deur die spot te dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur, *bv. oompie Spyker in hierdie roman*
klanknabootsing	(ook *onomatopee*) – die gebruik van woorde om die klanke wat hulle beskryf, te skep, *bv. ". . . die karretjie slinger so sing-sing, klap-klap deur die verkeer"; "Hulle klieng-klieng teen mekaar . . . " (p. 25)*	**klimaks**	(ook *hoogtepunt*) – die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie. *In hierdie roman is daar sprake van baie klimakse, maar die werklike klimaks is wanneer Pattie besef Laki is dood.*
kohesie	– samehang	**komposisie**	– samestelling van verskillende dele tot een geheel
konflik	– stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan, *soos die konflik wat tussen Pattie en haar tantes ontstaan omdat sy met 'n wit man uitgaan; die konflik tussen Laki en Pattie oor haar mense, ens.*	**konteks**	– die konteks waarbinne 'n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word, *bv. die konteks waarin Pattie terugdink aan die Guy Fawkes-vieringe is wanneer sy as volwassene terugverlang na die onskuld van haar kinderdae in die Strand (pp. 188–190)*

konnotasie	– wat gesuggereer word deur 'n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis, *bv. die polisie se gebruik van die woorde "Coloured girl" het sterk pejoratiewe waarde en dui nie net op die meisie se velkleur nie*	**kontras**	(ook *antitese, teenstelling*) – stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word
kontekstuele leidrade	– 'n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in 'n teks te gebruik om betekenis te verklaar	**kreatiewe denke**	– die denkproses oor idees of situasies op skeppende en ongewone maniere met die doel om die situasie of idee beter te verstaan en op 'n nuwe en konstruktiewe manier daarop te reageer
kopkaarte/ breinkaarte	– grafiese netwerkvoorstelling van idees of onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies, *soos wat byvoorbeeld gebruik kan word by die voorbereiding vir die maak van 'n brosjure*	**leenwoorde**	– woorde wat aan 'n ander taal ontleen is, vreemde woorde wat nou deel van Afrikaans is. *Daar is talle voorbeelde hiervan in die teks, bv. "tiekieboks" (p. 9)*
kritiese bewustheid	– die vermoë om die konstruksie van betekenis te analiseer deur begrip van magsverhoudings binne en tussen tale. Dit bemagtig die leerder om manipulasie te weerstaan en om taal sensitief te gebruik.	**literêre tegnieke**	– letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word
letterlik	(teenoor *figuurlik*) – die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde	**magsverhoudings**	– verhoudings gemeet aan gesag en invloed, *bv. in die teks word dit duidelik gemaak dat die wit mense in die ou bedeling die mag in die land besit het*

litotes	– 'n stylfiguur waarby iets verklein word om die betekenis of bedoeling beter te laat uitkom, veral deur die teenoorgestelde te ontken (*bv. dit gaan nie sleg nie = goed*)	**metafoor**	– gebruik een ding om 'n ander met soortgelyke eienskappe te beskryf, *bv. "sy glimlag met pêrels vir tande" (p. 63)*
manipulerende taal	– taal wat daarop gemik is om 'n onregverdige voorsprong te kry of ander te beïnvloed, meesal op 'n onderduimse manier. *Dink veral hieraan wanneer die advertensie geskep word.*	**modus**	– daar is verskillende modusse van kommunikasie – die geskrewe modus, die gesproke of mondelinge modus, die visuele modus wat grafiese vorms soos tabelle insluit. Die vermoë om inligting van een modus na 'n ander te verander soos om 'n grafiek te gebruik om 'n teks te skryf, of om inligting uit 'n mondelinge teks skriftelik weer te gee.
metataal	– taalterminologie om oor taal te praat; dit sluit terminologie in soos teks, konteks, teikengroep, genre en polisemie	**oksimoron**	– stylfiguur waarby twee teenoorgestelde begrippe met mekaar verbind word, *bv. ou nuus of "vrek snaaks" (p. 80)*
onderbeklemtoning	– die uitdruk van iets op 'n terughoudende wyse, eerder as om die volle feite of waarheid te ontbloot, gewoonlik vir beklemtoning	**paradoks**	– skynbare teenstrydigheid, *bv. om die waarheid te sê moet ek lieg*
parafrase	– die herbewoording van 'n idee in jou eie woorde, *bv. wanneer die opsomming in Aktiwiteit 4, Module 4 gedoen word.*	**partydig**	– eensydig, vooringenome, wat by 'n beoordeling die saak nie onbevange beskou nie, *bv. Maggie se houding teenoor Laki is baie partydig; sy hou nie van hom nie, net omdat hy wit is*

personifikasie	– beeldspraak waardeur menslike eienskappe en handelinge aan lewelose dinge, diere of plante toegeken word, *bv. "Pretoria sloer steeds" (p. 120)*	**pleonasme**	(ook *woordoortolligheid*) – woorde waarvan die betekenisse nie sinoniem is nie, maar die betekenis van die tweede woord is reeds in die eerste opgesluit, *bv. Ek persoonlik het dit self ervaar.*
redigering	– die proses van proeflees en herskryf van 'n teks, insluitend taalgebruik, punktuasie en spelling en om samehang van idees en struktuur na te gaan; in die finale vorm sit, vir publikasie inlewer, gereed maak, *soos in Aktiwiteit 1, Module 1 van leerders verwag word*	**register**	– die woorde, styl en grammatika wat in verskillende kontekste of situasies deur sprekers en skrywers gebruik word (amptelike dokumente word byvoorbeeld in 'n formele register geskryf, regsdokumente in 'n regsregister), *bv. die verskillende registers waarin Pattie praat as kind, volwassene en as "verteller"*
retoriek	– valse, oordrewe, verslete beeldspraak wat as oorversiering aangebied word; uitgedien, afgesaag, geyk, *bv. die ooms se gesprek oor die politiek met Kersdag*	**retoriese middels**	– middels soos pouses en herhaling, deur 'n spreker/skrywer/aanbieder gebruik om doeltreffend te oortuig. *'n Mens sou ook kon sê die herhalende rympie in die teks is 'n "retoriese middel" om aan te dui hoe Pattie dikwels oor haarself voel*
retoriese vraag	– 'n vraag wat gevra word, nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, jou mening uit te spreek of vir dramatiese effek (*bv. "Is hy nou nie 'n goeie Griek nie?" (p. 260), ook: "Gaan ek nou ontplof of later? dink ek." (p. 260*)	**ritme**	– afgemete beweging; in poësie die natuurlike beweging veroorsaak deur die reëlmatige opeenvolging van beklemtoonde en minder beklemtoonde lettergrepe. *Let op die ritme in die rympie wat telkens in die teks herhaal word.*

rym	– ooreenstemming van klank in die laaste lettergreep of woorde in digreëls, *bv. "meid" en "smyt" wat rym in die herhalende rympie*	**samehang**	– onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling
sarkasme	– bytend, bitter spot, minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker/skrywer bedoel, *bv. Maggie wat sê nee, die meid sit agter, toe Laki haar met die bakkie huis toe neem*	**satire**	– iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens/maatskappy word onthul of geopenbaar; 'n satiriese literêre werk het gewoonlik 'n bewustelike sosiale inslag
simbool	– 'n teken/voorwerp wat 'n ander saak verteenwoordig; 'n tradisionele simbool soos 'n kruis is as beeldspraakvorm nie net 'n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook 'n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys, *bv. Die geruite tafeldoek waarna Pattie kyk toe sy besef hoe moeilik 'n verhouding met Laki sal wees (p. 87)*	**sinoniem**	(teenoor antoniem) – 'n woord wat min of meer dieselfde betekenis as 'n ander het, *bv. "bewegingloos" en "roerloos"*
slang (ook sleng)	– 'n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, *bv. "En wat van my, china?" (p.178); . . . dié cherry het 'n wit boyfriend" (p. 180)*	**soeklees**	– om jou oë oor 'n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy 'n naam of nommer in 'n telefoongids soek of 'n trein- of busrooster raadpleeg. *Soos wat van leerders in Module 1 en 2 verwag word.*

stemprojeksie	– luidheid, volume van stem. Belangrik om op te let tydens hardoplees en debattering.	**standaard**	– die standaardvariëteit van ’n taal is die vorm wat meesal in koerante, amptelike dokumente en taalboeke gebruik word. Dit is nie noodwendig die beste vorm van die taal nie, maar dit is die vorm wat om historiese en/of politieke redes as die standaardvariëteit aanvaar is.
stem	– dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As ’n mens lees of kyk, kan jy ’n indruk van die skrywer se bedoeling/voorneme kry. *Bv. die vertellerstem in die roman is gemeensaam en amper op ’n geselstrant, asof sy die storie aan mense soos sy vertel*	**stemming**	– gemoedsgesteldheid. Daar is talle voorbeelde van verskillende soorte stemmings in die roman, *bv. by die begrafnis is die stemming stroef en hartseer; tydens die Guy Fawkes-vieringe is dit uitgelate, ens.*
stereotipe	– vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester). *’n Mens sou dalk kon sê dat die wit studente in Hoofstuk 6 as stereotipes uitgebeeld word; ook die polisie later in die roman.*	**stylfigure**	(ook stylleer) – uitdrukking wat ’n styleffek teweegbring deur woorde nie in hulle normale of letterlike betekenis en funksie aan te wend nie (afwyking in woordgebruik), maar op ’n besondere wyse groter krag of dramatiese beeld aan skryfwerk verleen, bv. eufemisme, hiperbool, ironie, satire, litotes, sarkasme, metafoor, klimaks, oksimoron
strategie	– ’n sekere prosedure gebruik om ’n probleem te hanteer	**subintrige**	– ondergeskikte verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

teikengroep	– die bedoelde lesers van ’n spesifieke teks. Tydens beplanning van ’n skryfstuk/ aanbieding, moet ’n skrywer/spreker die doel en teikengroep in aanmerking neem deur ’n gepaste formaat te kies.	**taalvariëteite**	– vorme van ’n taal wat patroonmatig van mekaar verskil. *Hier kan byvoorbeeld oompie Spyker se taal verlyk word met dié van Gert, heelwat later in die verhaal. Albei praat ’n eie variëteit.*
tekstuur	– rangskikking en samestelling van bestanddele, struktuur	**teks**	– dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie
tema	– die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie vanselfsprekend wees nie. *’n Mens sou kon sê die hooftema in hierdie roman is die opposisie tussen wit en bruin (en swart).*	**tempo**	– tydmaat, snelheid van byvoorbeeld praat
toon	– klank van ’n bepaalde hoogte, toonhoogte, stembuiging wat ’n gevoelsboodskap van ’n teks kan oordra. In ’n geskrewe teks, word dit in woorde uitgedruk. In film kan toon ook deur musiek of agtergrond geskep word.	**tesourus**	– ’n woordeboek wat volgens saakverbande georden is, saakwoordeboek
transformasie	– verandering van die vorm van sinne, bv. van bedrywende na lydende vorm. *Ook die verandering wat binne-in ’n karakter kan plaasvind, soos Maggie wat eers niks van Laki wil weet nie, en dan – omdat hy goed is vir haar – hom begin aanvaar. Sy ondergaan dus ’n transformasie teenoor Laki.*	**transaksionele skryfwerk**	– funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse), *soos in talle aktiwiteite verwag word van die leerders*

vergelyking	– naasmekaarstelling van dinge om die ooreenkoms of verskil te vergelyk; stylfiguur. Woorde soos *soos* en *net soos* of *nes* word gebruik om aandag op die vergelyking te vestig. *Daar is talle voorbeelde in die teks, bv. "Laki lyk soos 'n vlieg wat teen die muur papgedruk is." (p. 93)*	**vergelyk**	(verwys ook na *kontras*) – om vas te stel op watter maniere dinge dieselfde is
vluglees	– om 'n teks baie vinnig te lees ten einde 'n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees	**vertellers-perspektief**	– verteller se standpunt vanuit 'n spesifieke hoek gesien (alwetend, alomteenwoordig, eerste- en derdepersoon)
vooroordeel	– vooropgestelde idees oor 'n individu, groep, idee of saak. Sodanige neiging om een saak bo 'n ander te bevoordeel, bring mee dat billike assessering baie moeilik word. *Bv. die tantes se beskouing van mev. Abrahams wat "slams" is; die wit mense, en later Laki.*	**volksetimologie**	– onverstaanbare woorde word soms uit onkunde of grappenderwys omvorm tot 'n klank of woord wat verstaan is, bv. *oliekolonie* uit "eau de cologne"
woordoortolligheid	– plekke in tekste waar woorde voorkom wat weggelaat kan word sonder om die betekenis te beïnvloed	**weergawe**	– ontwerp, voorlopige plan, konsep
wyse	(ook *sinswyse*) – die wyse waarop 'n skrywer/spreker sy bedoeling, gevoel en houding teenoor 'n betrokke saak openbaar. In die klassieke tale word wyse d.m.v. werkwoorde uitgedruk, maar in Afrikaans word dit deur die sin uitgedruk, bv. onbepaald/infinitief, aanwysend/indikatief, aanvoegend/konjunktief, vraend/interrogatief en gebiedend/imperatief.	**woordspeling**	– die humoristiese gebruik van 'n woord om 'n ander betekenis uit te bring; maak op geestige wyse gebruik van woorde wat verskillende betekenisse kan hê of woorde wat eenders klink, bv. woordspeling by grappe